# HOOFSTUK V

## Die sosiale aspek in die emosionele lewe van die adolessent.

Die mense met wie die adolessent in aanraking kom, indiwidueel of in gemeenskappe soos ons in die vorige hoofstukke aangetoon het, het 'n bepalende invloed op die emosies van die adolessent. Dit is mense wat die emosies van die adolessent opwek, mense teenoor wie hy uiting vind vir sy emosies maar dit is ook mense wat hom dwing deur hulle goedkeuring of afkeuring om sy emosies te beheers of te bedwing. In die opvoeding van die emosies van die adolessent speel mense gevolglik 'n baie belangrike rol en kan die emosionele lewe van die adolessent nie uitgesluit word in 'n studie oor sy sosiale ontwikkeling nie.

By die adolessent kan daar ontevredenheid bestaan oor sosiale verhoudings en toestande wat op homself betrekking het of van toepassing is op ander mense met wie hy in aanraking kom. Indien die toestande op homself betrekking het, kan hy ongelukkig voel en homself bejammer as die veronregte persoon wat deur die ouers of ander mense nie reg verstaan en behandel word nie. Sy emosies kan ook opgewek word as hy moet optree voor ander mense en dan kan hy baie senuweeagtig voel tydens sy optrede. Die emosie van woede kan ook deur mense opgewek word en verskillende soorte reaksies by die adolessent tevoorskyn bring.

### 1. Die adolessent se ontevredenheid oor sosiale verhoudings.

Die ondersoek gaan oor watter sake daar ontevredenheid by die adolessent bestaan en die redes vir hierdie ontevredenheid oor die sosiale toestande.

In watter mate ontevredenheid oor sosiale verhoudings en toestande by die ppe. voorkom sowel as die faktore wat die ontevredenheid veroorsaak, is ondersoek deur vrae 1 en 2 van die vraelys en word aangedui in tabelle XLVII en XLVIII.

(a)/...

(a) Oor watter sake die ontevredenheid van die adolessent gaan.

Die opdrag aan die ppe. was om al die suggesties wat by hulle een of ander aspek van ontevredenheid met sosiale verhoudings en toestande aandui aan te merk. Hulle kon dus meer as een van die suggesties of almal aanmerk, of hulle kon ook, indien hulle nie ontevrede was nie geen suggesties aanmerk nie. Die persentasie deur elkeen van die suggesties onder 'n besondere ouderdomsgroep getrek, is gevolglik 'n aanduiding van die algemene ontevredenheid met sake of toestande soos ons dit by hierdie groep sal vind. Tabel XLVII gee 'n aanduiding van die verskillende suggesties by vraag 1 getrek. Die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties word in tabelle XLVII(a) tot XLVII(e) aangetoon.

Tabel XLVII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 1 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 1. Met watter van die volgende dinge is u ontevrede? Maak kruisies in die spasies by almal waarmee u ontevrede is.

| **Leeftyd** | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug-ges-ties | a | 37 | 22 | 24 | 16 | 24 | 22 | 25 | 22 | 30 | 21 | 36 | 22 | 38 | 24 | 21 | 27 | 21 | 24 |
| | b | 27 | 15 | 24 | 25 | 25 | 33 | 33 | 36 | 35 | 37 | 43 | 33 | 44 | 38 | 50 | 31 | 33 | 32 |
| | c | 21 | 3 | 13 | 15 | 17 | 18 | 14 | 18 | 17 | 17 | 21 | 13 | 21 | 14 | 7 | 16 | 17 | 17 |
| | d | 15 | 6 | 12 | 11 | 13 | 14 | 10 | 14 | 10 | 9 | 8 | 12 | 6 | 10 | 7 | 16 | 12 | 14 |
| | e | 34 | 12 | 24 | 17 | 20 | 17 | 19 | 15 | 16 | 12 | 15 | 10 | 15 | - | 14 | 20 | 15 | 18 |

Die hoogste persentasie deur een of ander groep getrek, wissel tussen 22% en 50%. Die gegewens dui daarop dat daar wel 'n mate van ontevredenheid met bestaande sosiale toestande by die adolessent aangetref word. Indiwiduele verskille volgens geslag of ouderdomsgroepe is verder ook merkbaar.

(i) Adolessente word soos laerskoolkinders behandel.

Tabel XLVII(a)/...

Tabel XLVII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 1 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Dat ek op my leeftyd nog soos 'n laerskoolkind behandel word.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 37 22 | 24 | | 16 | 24 | | 22 | 25 | | 22 | 30 | | 21 | 36 | | 22 | 38 | | 24 | 21 | 27 | 21 | 24 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | + | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Ontevredenheid oor die behandeling soos 'n laerskoolkind kom by al die ouderdomsgroepe, seuns sowel as meisies, voor. Hierdie ontevredenheid styg namate die adolessent ouer word en begin by 'n laagtepunt op 13 jaar, voorafgegaan deur 'n groter mate van ontevredenheid op 12 jaar, soos blyk uit 'n beduidende daling by seuns tussen 12 en 13 jaar. Beduidende verskille bestaan ook tussen seuns en meisies op ouderdomme 12, 13, 16 en 17 jaar. Hoewel die verskille nie beduidend is op 14, 15 en 18 jaar nie, is dieselfde gang ook merkbaar by hierdie ouderdomsgroepe.

Seuns voel die behandeling soos 'n laerskoolkind dus sterker aan, waarskynlik omdat hulle minder erkenning ontvang as meisies of meermale in situasies kom waar hulle as sodanig behandel word. Die groter ontevredenheid by seuns op 12 jaar is waarskynlik daaraan toe te skryf dat hierdie leerlinge eers op 13 jaar daardie mate van erkenning verkry wat hulle op 12 jaar by hulle toelating tot die middelbare skool reeds verlang maar nie ontvang nie.

(ii) Grootmense kyk hulle skeef aan by hulle omgang met lede van die teenoorgestelde geslag.

Tabel XLVII(b)/...

## Tabel XLVII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 1 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dat die grootmense my skeef aankyk as ek met iemand van die teenoorgestelde geslag omgaan.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 27 15 | 24 | | 25 | 25 | | 33 | 33 | | 36 | 35 | | 37 | 43 | | 33 | 44 | | 38 | 50 | 31 | 33 | 32 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Ontevredenheid oor kritiek, uitgesproke of nie, op hulle omgang met lede van die teenoorgestelde geslag toon 'n geleidelike styging by albei geslagte namate die leerlinge ouer word, hoewel beduidende verskille slegs tussen 12 en 13 asook tussen 13 en 14 jarige meisies en 14 en 15 jarige seuns voorkom. Op 14 jaar bestaan 'n beduidende verskil tussen seuns en meisies met groter ontevredenheid by die meisies. 'n Vinnige toename in ontevredenheid by meisies kom voor vanaf 12 jaar tot 14 jaar en by seuns tussen 14 en 15 jaar.

Die vinnige toename in ontevredenheid by seuns sowel as by meisies toon aan dat daar nou 'n sterk belangstelling in die teenoorgestelde geslag ontluik wat meer geleentheid vir kritiek bied, by die meisies 'n jaar of twee vroeër as by die seuns. Die geleidelike styging in ontevredenheid oor hierdie saak by albei geslagte namate hulle ouer word dui daarop dat by hulle die gedagte ontstaan dat hulle in 'n groter mate geregtig is op sosiale verhoudings soos die volwassenes terwyl die volwassenes hulle nog in die rol van 'n kind sien.

(iii)/...

(iii) Beperking van hulle deelname aan sosiale bedrywighede.

Tabel XLVII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 1 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dat ek nie toegelaat word om daadwerklik deel te neem aan vergaderinge, byeenkomste, organisasies van ontvangste, ens., nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 21 3 | 13 | | 15 | 17 | | 18 | 14 | | 18 | 17 | | 17 | 21 | | 13 | 21 | | 14 | 7 | 16 | 17 | 17 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | + | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Ontevredenheid oor die beperking van hulle sosiale bedrywighede vind sy hoogtepunt by meisies op 14 en 15 jaar met 'n beduidende skielike styging tussen 12 en 13 jaar asook tussen 13 en 14 jaar. Hoewel die verskille by seuns nie beduidend is nie, is daar by hulle die teenoorgestelde in die kurwe merkbaar, d.w.s. 'n hoë persentasie by 12 jaar en 'n daling in die ouderdomme wat daarop volg sodat 'n beduidende verskil by 15 jarige seuns en meisies bestaan en weer 'n hoër persentasie by seuns op 17 en 18 jaar. Daar is verder 'n beduidende verskil tussen 12 en 13 jarige meisies, waar die ouer meisies meer ontevrede voel.

Die groter ontevredenheid by ouer meisies ontstaan waarskynlik omdat die twaalfjariges so pas tot die hoërskool toegelaat is en nog te vreemd voel om op eie inisiatief iets aan te pak en te organiseer. Die verskil tussen twaalfjarige seuns en meisies wys op 'n groter ontevredenheid hieroor by die seuns omdat meisies miskien meer teruggetrokke voel en aanvanklik nie omgee om in sosiale aktiwiteite op die agtergrond te bly nie.

(iv)/...

(iv) Adolessente mag nie die kleredrag van volwassenes aantrek nie.

Tabel XLVII(d)

Reëelheid van verskille by vraag 1 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dat ek nie dieselfde kleredrag as die volwassenes mag aantrek nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 15 6 | 12 | | 11 | 13 | | 14 | 10 | | 14 | 10 | | 9 | 8 | | 12 | 6 | | 10 | 7 | 16 | 12 | 14 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Vanaf 12 na 13 jaar is daar 'n skielike hoewel nie beduidende styging in ontevredenheid by meisies omdat hulle nie die kleredrag van volwassenes mag aantrek nie. Op 14 en 15 jaar vind ons die meeste ontevredenheid. Tussen 15 en 16 jaar is daar 'n beduidende verskil waar die ouer meisies minder ontevrede voel. Die hoogste persentasie ontevredenheid by seuns vind ons by 12 en 13 jaar, met 'n geleidelike afname by die hoër ouderdomme.

Die grootste ontevredenheid by meisies op 14 en 15 jaar val waarskynlik saam met 'n intense belangstelling in die teenoorgestelde geslag, sodat hulle op hierdie stadium graag die kleredrag van volwassenes wil dra om die aandag van jong mans te trek. Meisies op 16 jaar voel minder ontevrede, waarskynlik omdat hulle al vanaf hierdie ouderdom voldoende erkenning van hulle nuwe status ontvang. Hulle het bv. al belydende lidmate van die kerk geword en dra reeds die kleredrag van volwassenes. Die groter ontevredenheid by seuns van 12 en 13 jaar en die geleidelike afname in ontevredenheid wat daarop volg, is waarskynlik daaraan te danke dat die seun by sy toelating tot die hoërskool 'n

groter/...

groter mate van erkenning verlang as wat hy kry. Die verskynsel dat groter ontevredenheid by die meisies as by die seuns voorkom, kan miskien daaraan toegeskryf word dat 'n groter verskeidenheid aan keuses en klere vir dames beskikbaar is as in die geval van mansklere. Sommige seuns dra ook reeds vanaf hulle kinderdae 'n langbroek met die oog op ongunstige weersomstandighede.

(v) Adolessente mag nie teenwoordig wees in geselskap van volwassenes nie.

Tabel XLVII(e)

Reëelheid van verskille by vraag 1 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dat ek gedwee uit die kamer moet gaan as die grootmense vir pappie en mammie of ouer broers en susters kom kuier.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 34 12 | 24 | | 17 | 20 | | 17 | 19 | | 15 | 16 | | 12 | 15 | | 10 | 15 | | - | 14 | 20 | 15 | 18 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | + | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Seuns is oor die algemeen meer ontevrede dat hulle nie in die geselskap van besoekers mag bly nie. Beduidende verskille tussen seuns en meisies is merkbaar op ouderdomme 12 jaar en 15 jaar. Die gegewens dui daarop dat meisies op dieselfde ouderdom as seuns reeds 'n groter erkenning van hulle status ontvang en meermale in die geselskap van besoekers mag bly of die alternatief kan ook wees dat meisies nie omgee as hulle uit die geselskap gestuur word nie weens geringe belangstelling in die geselskap van volwassenes.

(vi) Samevatting: Oor watter sosiale sake die adolessente ontevrede is.

Seuns sowel as meisies voel die meeste ontevrede wanneer die grootmense hulle skeef aankyk as hulle met iemand

van die teenoorgestelde geslag omgaan. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat dit 'n nuwe belangstelling is en dat hulle baie sensitief daaroor is of hulle kan meen dat hulle oud genoeg is om deel te hê aan die dinge wat by volwassenes algemeen voorkom. Seuns is meer ontevrede oor die behandeling soos 'n laerskoolkind asook die feit dat hulle uit die kamer moet gaan as besoekers ontvang word. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat meisies minder in dergelike situasies beland of gouer erkenning ontvang as wat die geval by die seuns is en daaroor minder ontevrede voel as seuns maar tog in 'n groot mate ook ontevrede daaroor voel. Ontevredenheid dat hulle nie die kleredrag van volwassenes mag aantrek nie kom veral meer by meisies voor op 14 en 15 jarige ouderdom, waarskynlik wanneer hulle belangstelling in die teenoorgestelde geslag verskerp en hulle hulle graag as volwassenes wil voordoen en die aandag van jong mans wil trek. Seuns se geringer ontevredenheid kan moontlik gewyt word aan die feit dat by mans minder afwisseling in modes as by dames bestaan.

(b) Sosiale oorsake van die ontevredenheid van adolessente.

Die oorsake van die ontevredenheid van adolessente word in tabel XLVIII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XLVIII(a) tot XLVIII(e) aangetoon. Alleen die ppe. wat wel ontevredenheid met sosiale toestande voel, moes hierdie vraag beantwoord, sodat in die lig hiervan die persentasies van tabel XLVIII, hoewel hulle klein mag voorkom, in belangrikheid toeneem.

Tabel XLVIII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 2 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vraag: Waarom is u ontevrede met hierdie toestand? (Alleen die wat vraag 1 beantwoord het, moet hierdie vraag beantwoord).

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Suggesties | a | 18 | 10 | 11 | 8 | 14 | 12 | 21 | 15 | 18 | 17 | 30 | 24 | 34 | 24 | 21 | 18 | 14 | 16 |
| | b | 7 | 9 | 12 | 10 | 14 | 14 | 17 | 17 | 15 | 14 | 23 | 13 | 21 | 33 | 21 | 15 | 14 | 15 |
| | c | 19 | 7 | 18 | 16 | 20 | 20 | 20 | 22 | 24 | 24 | 35 | 25 | 28 | 14 | 21 | 22 | 20 | 21 |
| | d | 11 | 9 | 12 | 10 | 14 | 12 | 12 | 12 | 13 | 11 | 14 | 13 | 9 | 5 | 21 | 13 | 11 | 12 |
| | e | 21 | 10 | 14 | 13 | 12 | 14 | 12 | 16 | 10 | 12 | 8 | 12 | 4 | 10 | 7 | 12 | 14 | 13 |

(i) <u>Omdat hul in eie oë reeds meer as 'n kind is.</u>

<u>Tabel XLVIII(a)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 2 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Omdat ek nie meer 'n kind is nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 18 10 | 11 | | 8 | 14 | | 12 | 21 | | 15 | 18 | | 17 | 30 | | 24 | 34 | | 24 | 21 | 18 | 14 | 16 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | - | | + | | - | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | + | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Veertienjarige meisies verskil beduidend van dertienjariges in die mate van ontevredenheid oor hulle behandeling soos 'n kind waaroor die ouer meisies meer ontevrede is. Seuns van 15 jaar is ook meer gevoelig oor hierdie saak as seuns van 14 jaar terwyl seuns van 15 jaar ook beduidend meer gevoelig oor hierdie saak is as dogters van 15 jaar. Seuns van 17 jaar voel dit nog sterker aan en verskil beduidend van seuns van 16 jaar. Oor die algemeen is 'n geleidelike styging merkbaar by seuns sowel as meisies, namate hulle ouer word tot 18 jaar.

Die geleidelike styging in ontevredenheid by hoër ouderdomme dui daarop dat die adolessent al meer voel dat hy nie 'n kind is nie en reken dat hy geregtig is op erkenning as volwassene terwyl sy ouers en ander volwassenes hom nog steeds in die rol van 'n kind sien. Die styging in ontevredenheid by meisies van 14 jaar en seuns van 15 jaar val saam met hulle intense belangstelling in lede van die teenoorgestelde geslag, want om met die teenoorgestelde geslag om te gaan, is 'n mate van erkenning van hulle nuwe status noodsaaklik.

(ii)/...

(ii) Omdat hulle reken dat hulle in staat is om in die sosiale verband veel meer te doen as wat hulle toegelaat word om te doen.

Tabel XLVIII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 2 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat ek reken ek is in staat om in die sosiale verband veel meer te doen as wat ek toegelaat word om te doen.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 7 9 | 12 | | 10 | 14 | | 14 | 17 | | 17 | 15 | | 14 | 23 | | 13 | 21 | | 33 | 21 | 15 | 14 | 15 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | – | + | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Omdat hulle reken dat hulle in staat is tot meer as wat hulle toegelaat word om te doen, is die veertienjarige meisies beduidend meer ontevrede as meisies van 13 jaar wanneer hulle bekwaamheid in twyfel getrek word. So ook is seuns van 17 jaar beduidend meer ontevrede hieroor as meisies van 17 jaar.

Die gegewens dui daarop dat die jeugdiges, namate hulle ouer word, al meer bewus word van hulle eie bekwaamheid en vermoëns en gevolglik ontevrede voel wanneer andere hulle bekwaamheid in twyfel trek. Hulle reken dat hulle in staat is om in die sosiale verband veel meer te doen as wat hulle toegelaat word om te doen. Dit kom ooreen met die gees tot hervorming van sosiale toestande soos ons dit ook in die literatuur vind. By die hoër ouderdomsgroepe is dit 'n sterker rede tot ontevredenheid, waarskynlik omdat ons 'n groter mate van selfvertroue vind, gepaard met die begeerte tot sosiale diens en hervorming. Die sewentienjarige seuns vind hierin 'n sterker rede tot ontevredenheid as die meisies van 17 jaar, waarskynlik omdat die meisies van 17 jaar

alreeds/...

alreeds groter erkenning as volwassenes en gevolglik erkenning van hulle sosiale bedrewenheid ontvang as wat die geval nog by die seuns is.

(iii) Omdat hulle reken dat hulle ook 'n billike kans behoort te kry om hulle uit te lewe.

Tabel XLVIII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 2 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat ek reken ek behoort ook 'n billike kans te kry om my uit te lewe.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 19 7 | 18 | | 16 | 20 | | 20 | 20 | | 22 | 24 | | 24 | 35 | | 25 | 28 | | 14 | 21 | 22 | 20 | 21 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | + | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Ons vind hier 'n beduidende verskil tussen meisies van 12 en 13 jaar wat 'n deel vorm van die geleidelike styging in die ontevredenheid by meisies tot by 17 jaar. By seuns is daar 'n beduidende styging tussen 16 en 17 jaar, sodat die laasgenoemde ouderdom ook die hoogtepunt in die ontevredenheid by seuns is, nl. by 35% van die ppe. Hoewel nie beduidend nie is daar 'n geleidelike styging vanaf 12 jaar merkbaar by die seuns. Hierdie saak is by seuns belangriker as by meisies en toon beduidende verskille by die meisies op ouderdomme 12 en 17 jaar.

Die groter ontevredenheid hiervoor by seuns kan moontlik daaraan gewyt word dat seuns 'n groter selfstandigheidsgevoel as meisies openbaar maar tog deur sosiale en ekonomiese redes verhinder word om selfstandig op te tree en nog op die skoolbanke verkeer.

(iv) Omdat hulle reken dat hulle in staat is om self ook sake te reël.

Tabel XLVIII(d)

Reëelheid van verskille by vraag 2 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat ek in staat is om self ook sake te reël.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 11 9 | 12 | | 10 | 14 | | 12 | 12 | | 12 | 13 | | 11 | 14 | | 13 | 9 | | 5 | 21 | 13 | 11 | 12 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

In hierdie geval vind ons 'n gelykmatige persentasie van ontevredenheid by albei geslagte en alle ouderdomme met geen beduidende verskille merkbaar nie. Hoewel tog van belang, is hierdie oorsaak nie van besondere betekenis nie.

(v) Omdat hulle skaam is om nog die klere van kinders te dra.

Tabel XLVIII(e)

Reëelheid van verskille by vraag 2 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat ek my skaam om nog die klere van kindertjies te dra.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 21 10 | 14 | | 13 | 12 | | 14 | 12 | | 16 | 10 | | 12 | 8 | | 12 | 4 | | 10 | 7 | 12 | 14 | 13 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | – | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Die vyftienjarige meisies is beduidend meer gevoelig hieroor as die vyftienjarige seuns en toon verder 'n beduidende verskil met sestienjarige meisies waar lg. minder

ontevrede/...

ontevrede hieroor voel. By die hoër ouderdomme neem die ontevredenheid hieroor by seuns sowel as by meisies geleidelik af. Hoewel beduidende verskille tussen seuns en meisies slegs op 15 jaar merkbaar is, is hierdie oorsaak van ontevredenheid by die seuns oor die algemeen van minder belang.

Seuns is oor die algemeen minder skaam om die kleredrag van kinders aan te trek omdat hulle waarskynlik minder in die posisie geplaas word, aangesien hulle reeds van kleinsaf 'n lang broek in koue weer mag aantrek en dus op vroeë ouderdom reeds 'n lang broek mag dra. Meisies het groter keuses en 'n verskeidenheid aan klere soos volwassenes beskikbaar. Hulle kom dus meermale in die omstandighede dat hulle nie die kleredrag van volwassenes mag aantrek nie en daaroor ontevrede voel. Die grootste ontevredenheid oor hierdie saak by meisies op vyftien jaar hou waarskynlik verband met hulle belangstelling in die teenoorgestelde geslag wat op hierdie ouderdom baie sterk is en as gevolg waarvan hulle nie meer soos kinders wil aantrek nie.

(vi) <u>Samevatting: Sosiale oorsake van die ontevredenheid van die adolessent.</u>

Miskenning van hulle aanspraak op 'n billike kans om hulle uit te lewe, is 'n belangrike oorsaak vir die ontevredenheid van seuns sowel as meisies. Dit hou waarskynlik verband met hulle strewe na selfstandigheid in hulle optrede en wanneer hulle keuses moet doen of besluite moet neem. Nou verwant hieraan is die oorsaak wat hulle noem, nl. dat hulle reken dat hulle reeds meer as 'n kind is en nie as 'n kind behandel wil word nie. Seuns voel minder skaam as meisies om die kleredrag van kinders aan te trek, waarskynlik omdat geringer verskille tussen kleredrag van seuns en mans merkbaar is as wat die geval by meisies en dames is, en seuns vroeg reeds lang broeke aantrek as

gevolg/...

gevolg van ongunstige weerstoestande.

2. Selfbejammering en die gevoel van ongelukkigheid by die adolessent.

Indien sake teen die adolessent gaan, kan die gevoel van selfbejammering en die gevoel asof alles en almal teen hom is by hom ontstaan. In hierdie ondersoek word dan ook nagegaan of dit soms vir die adolessent voel asof ander mense hom nie reg verstaan nie met die redes daarvoor, of dit voel of niemand hom liefhet nie en die redes daarvoor. Ook word vasgestel of dit soms al vir hom gevoel het of ander mensc hom doelbewus kwaad wil aandoen, of hy al gewens het dat hy nooit gebore was nie en hoekom hy so gewens het. Al die sake wat selfbejammering by hom wek, het hulle oorsprong in die houding en verhouding van ander mense tot hom, m.a.w. dis sosiaal van aard.

(a) Voel die adolessent dat ander mense hom nie reg verstaan nie?

Of die adolessent homself bejammer, m.a.w. of dit voel asof ander persone hom nie reg verstaan of begryp nie word in tabel XLIX en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XLIX(a) tot XLIX(c) aangetoon.

Tabel XLIX

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 28 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 28. Voel dit asof ander u nie reg verstaan of begryp nie?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 21 | 37 | 26 | 26 | 28 | 23 | 28 | 21 | 23 | 18 | 17 | 17 | 25 | 10 | 29 | 26 | 22 | 24 |
| ges- | b | 57 | 46 | 56 | 52 | 54 | 56 | 51 | 57 | 54 | 57 | 54 | 65 | 56 | 62 | 43 | 53 | 56 | 55 |
| ties | c | 13 | 15 | 14 | 16 | 13 | 19 | 5 | 18 | 15 | 16 | 18 | 20 | 21 | 19 | 21 | 15 | 18 | 17 |

(i) Dit voel nooit so nie.

Tabel XLIX(a)/...

Tabel XLIX(a)

Reëelheid van verskille by vraag 28 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nooit.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 21 37 | 26 | | 26 | 28 | | 23 | 28 | | 21 | 23 | | 18 | 17 | | 17 | 25 | | 10 | 29 | 26 | 22 | 24 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | + | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Redelike persentasie van die ppe., nl. 26% seuns en 22% meisies, voel nooit dat ander persone hulle nie reg verstaan of begryp nie. Meer seuns as meisies is deur hierdie suggestie getrek, met beduidende verskille op 14 en 15 jaar. Die gegewens dui daarop dat die meisies meer as die seuns teruggetrokkenheid en selfbejammering openbaar.

(ii) Dit voel soms vir die adolessent of ander hom nie reg verstaan of begryp nie.

Tabel XLIX(b)

Reëelheid van verskille by vraag 28 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Soms.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 51 46 | 56 | | 52 | 54 | | 56 | 51 | | 57 | 54 | | 57 | 54 | | 65 | 56 | | 62 | 43 | 53 | 56 | 55 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Die grootste persentasie ppe., nl. 53% seuns en 56% meisies, voel soms dat ander persone hulle nie reg verstaan nie. Meer meisies as seuns is deur die suggestie getrek met beduidende verskille op 15 en 17 jaar. Ook

hierdie/...

hierdie gegewens dui daarop dat meisies meer teruggetrokkenheid en selfbejammering openbaar as seuns.

(iii) Dit voel dikwels vir die adolessent asof ander persone hom nie reg verstaan of begryp nie.

Tabel XLIX(c)

Reëelheid van verskille by vraag 28 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dikwels.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 13 15 | 14 | | 16 | 13 | | 19 | 5 | | 18 | 15 | | 16 | 18 | | 20 | 21 | | 19 | 21 | 15 | 18 | 17 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het die kleinste persentasie ppe. getrek, nl. 15% seuns en 18% meisies. Meer meisies as seuns is deur die suggestie getrek met beduidende verskille op 14 en 15 jaar sodat ook hier aangedui word dat die meisies waarskynlik meer geneigd is tot teruggetrokkenheid en selfbejammering.

(iv) Samevatting: Of dit vir die adolessent voel of ander persone hom nie reg verstaan of begryp nie.

Vir 'n redelike persentasie van die ppe. voel dit nooit asof ander persone hulle nie reg verstaan nie en vir die meeste voel dit soms so terwyl die kleinste persentasie meen dat ander persone hulle dikwels nie reg verstaan nie. Dit skyn dus of daar 'n goeie begrip van die kant van die volwassenes t.o.v. die adolessente bestaan. Waar dit soms (en ook dikwels) vir die adolessent voel asof ander hom nie verstaan nie kan dit moontlik gewyt word aan die hunkering wat daar by die adolessent bestaan dat ander persone hom wel sal begryp en dat hy moontlik te sensitief oor die saak is, en dit soms vir hom voel asof hulle hom nie verstaan nie.

By/...

By meisies kom dit meer voor as by seuns dat hulle voel asof ander persone hulle nie reg begryp nie.

Die groot persentasie ppe. uit albei geslagte wat soms of dikwels voel dat ander persone hulle nie reg verstaan nie dui waarskynlik ook op die wisseling in hulle emosionele lewe, waar die adolessent homself nie verstaan nie en juis daarom meen dat ander hom ook nie reg verstaan nie terwyl hy tog so daarna hunker dat ander persone hom sal verstaan.

(b.) Waarom dit vir die adolessent voel asof ander hom nie reg verstaan nie.

Tabel L

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 29 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 29. Hoekom voel dit of hulle u nie reg verstaan nie? (Geld nie vir diegene wat 28(a) gemerk het nie).

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 11 | 12 | 14 | 15 | 15 | 13 | 14 | 9 | 20 | 15 | 24 | 22 | 22 | 19 | 36 | 16 | 14 | 15 |
| ges- | b | 11 | 7 | 13 | 11 | 15 | 18 | 16 | 21 | 16 | 19 | 24 | 19 | 25 | 10 | 14 | 16 | 18 | 17 |
| ties | c | 29 | 21 | 25 | 20 | 22 | 21 | 20 | 21 | 19 | 18 | 20 | 15 | 15 | 10 | - | 21 | 20 | 21 |
| | d | 27 | 25 | 26 | 27 | 24 | 36 | 27 | 36 | 28 | 34 | 29 | 37 | 26 | 43 | 36 | 26 | 35 | 30 |

Die redes waarom dit voel asof ander die adolessent nie reg verstaan nie word aangetoon in tabel LXVIII. Die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties word aangetoon in tabelle LXVIII(a) tot LXVIII(d).

(i) Dit voel vir die adolessent asof ander hom nie verstaan nie omdat hulle hom altyd opponeer.

Tabel L(a)

Reëelheid van verskille by vraag 29 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Andere opponeer my altyd.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 11 12 | 14 | | 15 | 15 | | 13 | 14 | | 9 | 20 | | 15 | 24 | | 22 | 22 | | 19 | 36 | 16 | 14 | 15 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | - | | - | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | + | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Die/...

Die kleinste persentasie uit ons ppe. nl. 16% seuns en 14% meisies, het die idee dat ander persone hulle altyd opponeer, in werklikheid of denkbeeldig, ten spyte van hulle beste bedoelings en daarom meen hulle dat ander hulle nie reg verstaan nie. Meer seuns as meisies is deur die suggestie getrek, met beduidende verskille op 15 en 16 jaar.

(ii) Dit voel vir die adolessent asof ander hom nie verstaan nie omdat hulle nie aan sy versoeke voldoen nie.

Tabel L(b)

Reëelheid van verskille by vraag 29 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Hulle voldoen nie aan my versoeke nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 11 7 | 13 | | 11 | 15 | | 18 | 16 | | 21 | 16 | | 19 | 24 | | 19 | 25 | | 10 | 14 | 16 | 18 | 17 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Nog 'n klein persentasie van die ppe., nl. 16% seuns en 18% meisies, meen dat hulle nie reg verstaan word nie omdat aan hulle versoeke wat in eie oë baie billik is nie voldoen word nie. Op 15 jaar is beduidend meer meisies as seuns deur die suggestie getrek maar op 17 jaar is dit andersom. 'n Beduidende styging is merkbaar by meisies tussen 13 en 14 jaar en by seuns tussen 16 en 17 jaar.

(iii) Dit voel vir die adolessent of ander hom nie verstaan nie omdat hulle hom agterdogtig aankyk as hy met 'n versoek kom.

Sien bl. 293 vir tabel L(c).

'n Redelike persentasie, nl. 21% seuns en 20% meisies, is getrek deur die suggestie dat hulle hom agterdogtig aankyk as hy met 'n versoek kom. Geen beduidende

verskille/...

Tabel L(c)

Reëelheid van verskille by vraag 29 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Hulle kyk my agterdogtig aan as ek met 'n versoek kom.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 29 21 | 25 | | 20 | 22 | | 21 | 20 | | 21 | 19 | | 18 | 20 | | 15 | 15 | | 10 | – | 21 | 20 | 21 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

verskille kan hier opgemerk word nie en uit albei geslagte vir al die leeftye is 'n gelykmatige persentasie getrek.

(iv) Dit voel vir die adolessent asof ander hom nie verstaan nie omdat hulle geen notisie van sy begeertes neem nie.

Tabel L(d)

Reëelheid van verskille by vraag 29 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Hulle neem nie notisie van my begeertes nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 27 25 | 26 | | 27 | 24 | | 36 | 27 | | 36 | 28 | | 34 | 29 | | 37 | 26 | | 43 | 36 | 26 | 35 | 30 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Die grootste persentasie ppe. is getrek deur die suggestie dat ander persone nie aandag aan hulle begeertes skenk nie, nl. 26% seuns en 35% meisies. Beduidende verskille tussen seuns en meisies op ouderdomme 14, 15 en 16 jaar toon aan dat meisies gevoeliger is oor miskenning van hulle begeertes as wat dit die geval met seuns op daardie leeftye is. Tussen 13 en 14 jaar is by meisies 'n beduidende styging merkbaar.

(v)/...

(v) Samevatting: Waarom dit vir die adolessent voel of andere hom nie reg verstaan nie.

Vir die meeste adolessente voel dit asof ander persone hulle nie reg verstaan nie omdat hulle nie aan hulle begeertes aandag skenk nie. Meisies voel dit veral sterker aan as seuns. Wat verder ook nog 'n rol speel, is dat mense die adolessent agterdogtig aankyk as hy met 'n versoek kom en dat hulle nie aan sy versoeke voldoen nie of hom altyd opponeer.

(c) Voel dit vir die adolessent of niemand hom liefhet nie?

In watter mate dit vir die adolessent voel asof niemand hom liefhet nie word in tabel LI en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabel LI(a) tot LI(c) aangetoon.

Tabel LI

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 31 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 31. Voel dit of niemand u liefhet nie?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 55 | 53 | 51 | 48 | 50 | 48 | 52 | 44 | 54 | 42 | 53 | 52 | 62 | 67 | 64 | 52 | 46 | 48 |
| ges- | b | 44 | 35 | 33 | 34 | 34 | 40 | 35 | 40 | 33 | 42 | 34 | 42 | 26 | 24 | 29 | 34 | 39 | 37 |
| ties | c | - | 7 | 11 | 14 | 10 | 11 | 11 | 11 | 14 | 8 | 5 | 5 | 9 | - | 7 | 10 | 11 | 11 |

(i) Die adolessent voel nooit dat niemand hom liefhet nie.

Tabel LI(a)

Reëelheid van verskille by vraag 31 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie: Nooit.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 55 53 | 51 | | 48 | 50 | | 48 | 52 | | 44 | 54 | | 42 | 53 | | 52 | 62 | | 67 | 64 | 52 | 46 | 48 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | - | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

'n Groot/...

'n Groot persentasie ppe., nl. 52% seuns en 46% meisies, voel nooit dat niemand hulle liefhet nie. Meer ppe. is deur hierdie suggestie uit die seuns getrek met beduidende verskille tussen seuns en meisies op 15 en 16 jaar. Die gegewens dui daarop dat die adolessent nie voel dat hy nie sy regmatige aandeel van liefde ontvang nie. Meisies is oor die algemeen gevoeliger oor hierdie saak en die gegewens dui daarop dat in die gevalle waar hulle nie voldoende liefde kry nie hulle maklik tot selfbejammering kan oorslaan en kan verklaar dat niemand hulle liefhet nie.

(ii) Die adolessent voel soms asof niemand hom liefhet nie.

Tabel LI(b)

Reëelheid van verskille by vraag 31 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Soms.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 44 | 35 | 33 | | 34 | 34 | | 40 | 35 | | 40 | 33 | | 42 | 34 | | 42 | 26 | | 24 | 29 | 34 | 39 | 37 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Kleiner persentasie ppe., nl. 34% seuns en 39% meisies, voel soms asof niemand hulle liefhet nie. Meer meisies as seuns is deur hierdie suggestie getrek met beduidende verskille op ouderdomme 14, 15, 16 en 17 jaar. Om dieselfde rede as wat hierbo genoem is, is die meisie gevoeliger oor die hoeveelheid liefde wat sy ontvang en daarom voel dit soms of niemand haar liefhet nie.

(iii) Die adolessent voel dikwels asof niemand hom liefhet nie.

Tabel LI(c)/...

Tabel LI(c)

Reëelheid van verskille by vraag 31 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dikwels.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | - 7 | 11 | | 14 | 10 | | 11 | 11 | | 11 | 14 | | 8 | 5 | | 5 | 9 | | - | 7 | 10 | 11 | 11 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | - | - | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Die kleinste persentasie ppe., nl. 10% seuns en 11% meisies, voel dikwels of niemand hulle liefhet nie. Op 16 jaar is beduidend meer seuns as meisies deur hierdie suggestie getrek wat in teenstelling is met tabelle LI(a) en LI(b).

(iv) Samevatting: Voel dit vir die adolessent of niemand hom liefhet nie?

Die grootste persentasie van ons ppe. voel nooit asof niemand hulle liefhet nie. Die gegewens dui daarop dat die mate van liefde wat die adolessent ontvang vir hom voldoende is. Meer meisies as seuns meen egter dat hulle nie voldoende liefde ontvang nie, gaan oor tot selfbejammering en sê dan dat niemand hulle liefhet nie. Waarskynlik het die meisie 'n groter behoefte aan liefde of versekering van die liefde van mense as wat by seuns die geval is. Slegs 'n klein persentasie voel dikwels dat niemand hulle liefhet nie en hulle kan moontlik gereken word tot die groep wat onderhewig is aan swartgalligheid en gedurig die donker sy van 'n saak raaksien.

(d) Waarom die adolessente voel asof niemand hulle liefhet nie.

Die redes waarom adolessente sê dat niemand hulle liefhet nie word aangetoon in tabel LII en die reëelheid van/...

van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LII(a) tot LII(e).

Tabel LII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 32 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 32. Waarom sê u dat niemand u liefhet nie?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| | a | 10 | 13 | 13 | 13 | 14 | 16 | 13 | 16 | 14 | 16 | 18 | 13 | 12 | - | 29 | 14 | 15 | 15 |
| Sug- | b | 8 | 13 | 15 | 15 | 14 | 15 | 12 | 14 | 14 | 15 | 13 | 10 | 15 | 5 | 7 | 13 | 14 | 14 |
| ges- | c | 10 | 4 | 7 | 6 | 7 | 7 | 7 | 8 | 9 | 6 | 8 | 10 | 12 | - | 7 | 7 | 7 | 7 |
| ties | d | 7 | 6 | 8 | 6 | 6 | 7 | 8 | 11 | 7 | 9 | 6 | 8 | 7 | 5 | - | 7 | 8 | 8 |
| | e | 10 | 15 | 12 | 12 | 12 | 16 | 15 | 20 | 7 | 21 | 13 | 22 | 13 | 10 | - | 12 | 17 | 15 |

(i) <u>Adolessente voel asof niemand hulle liefhet nie omdat ander nie in hulle belangstel nie.</u>

Tabel LII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 32 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Hulle stel nie belang in my nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 10 13 | 13 | | 13 | 14 | | 16 | 13 | | 16 | 14 | | 16 | 18 | | 13 | 12 | | - | 29 | 14 | 15 | 15 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Hierdie suggestie het 14% seuns en 15% meisies getrek en toon geen beduidende verskille nie. Dit is een van die suggesties wat die hoogste persentasie ppe. getrek het sodat die gegewens daarop dui dat die adolessent in 'n groot mate 'n behoefte het aan die belangstelling van hulle medemense.

(ii) <u>Adolessente voel of niemand hulle liefhet nie omdat hulle verkleineer word voor ander persone.</u>

Tabel LII(b)/...

Tabel LII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 32 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Hulle verkleineer my voor ander persone.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 8 | 13 | 15 | | 15 | 14 | | 15 | 12 | | 14 | 14 | | 15 | 13 | | 10 | 15 | | 5 | 7 | 13 | 14 | 14 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

'n Redelike persentasie van ons ppe., nl. 13% seuns en 14% meisies, voel asof niemand hulle liefhet nie omdat hulle voor andere verkleineer word. Geen beduidende verskille kom voor nie en 'n gelykmatige persentasie is uit al die ouderdomsgroepe getrek.

(iii) <u>Adolessente voel of niemand hulle liefhet nie omdat niemand aan hulle verantwoordelike werk gee nie.</u>

Tabel LII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 32 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Hulle gee aan my nie ook verantwoordelike werk nie.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 10 | 4 | 7 | | 6 | 7 | | 7 | 7 | | 8 | 9 | | 6 | 8 | | 10 | 12 | | – | 7 | 7 | 7 | 7 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | | + | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Slegs 7% uit die seuns sowel as uit die meisies is deur hierdie suggestie getrek terwyl op 12 jaar beduidend meer seuns as meisies deur die suggestie getrek is.

(iv)/...

(iv) Adolessente voel of niemand hulle liefhet nie omdat ander maak asof hulle nog kinders is.

Tabel LII(d)

Reëelheid van verskille by vraag 32 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Hulle maak asof ek nog 'n kind is.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 7 6 | 8 | | 6 | 6 | | 7 | 8 | | 11 | 7 | | 9 | 6 | | 8 | 7 | | 5 | - | 7 | 8 | 8 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | - | | - | | + | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Ook hierdie suggestie het slegs 7% seuns en 8% meisies uit ons ppe. getrek met 'n beduidende styging tussen meisies van 14 en 15 jaar.

(v) Adolessente voel asof niemand hulle liefhet nie omdat ander persone vir hulle wil dink en besluite neem.

Tabel LII(e)

Reëelheid van verskille by vraag 32 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Hulle wil vir my dink en besluite neem.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 10 15 | 12 | | 12 | 12 | | 16 | 15 | | 20 | 7 | | 21 | 13 | | 22 | 13 | | 10 | - | 12 | 17 | 15 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | - | | - | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | - | | + | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | + | | - | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | - | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Hierdie suggestie het 12% seuns en 15% meisies uit die ppe. getrek, sodat dit een van die belangrikste redes is waarom adolessente voel asof niemand hulle liefhet nie. Meer meisies is deur hierdie suggestie getrek met beduidende verskille op 14, 15, 16 en 17 jaar. By meisies

is/...

is 'n toename met hoër ouderdomme beduidend tussen 13 en 14 asook tussen 14 en 15 jaar, terwyl by seuns 'n toename tussen 16 en 17 voorkom en volg op 'n daling tussen seuns van 15 en 16 jaar. Die gegewens dui daarop dat meisies meer sensitief is wanneer ander persone vir hulle wil dink en besluite neem. Dis waarskynlik die ouers, of die alternatief is dat meisies meer as seuns in situasies beland waar ander persone vir hulle wil dink en besluite wil neem.

(vi) Samevatting: Waarom adolessente voel asof niemand hulle liefhet nie.

Die vraag in watter mate die adolessent die liefde van ander geniet of nie is veral verbonde aan die mate waarin hulle in die jongmens belangstel en hulle nie verkleineer voor ander persone voel nie. Ook is dit van belang of die persone met wie hulle in aanraking kom aan die jongmense verantwoordelikhede toeken om self oor sake te dink en besluite te neem. Gewoonlik hang dit af in watter mate die ouers aan hierdie vereistes van die adolessent voldoen. Die gegewens dui daarop dat dit vir adolessente en vir die meisie meer as die seun van belang is of hulle self besluite kan neem of nie, waarskynlik omdat hulle gewoonlik in die omstandighede van hulle ouerhuis nie vrygelaat word om te doen soos hulle verkies nie. Die begeerte tot emansipasie uit die ouerhuis en onder die gesag van volwassenes uit hou dus sterk verband met die liefde en gevoel van sekuriteit wat die adolessent beleef.

(e) Negatiewe instelling by die adolessent waar dit voel asof een of ander persoon hom doelbewus kwaad vil aandoen.

In hoeverre dit vir die adolessent voel asof daar een of ander persoon is wat hom doelbewus kwaad wil aandoen, word aangedui in tabel LIII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LIII(a) tot LIII(c).

Tabel LIII/...

Tabel LIII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 41 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 41. Voel dit asof een of ander persoon u doelbewus kwaad wil aandoen?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 45 | 39 | 37 | 33 | 42 | 35 | 40 | 35 | 34 | 29 | 31 | 31 | 31 | 33 | 36 | 38 | 34 | 36 |
| ges- | b | 44 | 44 | 41 | 45 | 41 | 50 | 48 | 52 | 51 | 55 | 56 | 59 | 57 | 52 | 50 | 46 | 51 | 49 |
| ties | c | 10 | 12 | 9 | 9 | 9 | 8 | 11 | 10 | 11 | 8 | 7 | 8 | 7 | 10 | 14 | 10 | 9 | 9 |

(i) Dit voel nooit asof een of ander persoon hulle doelbewus kwaad wil aandoen nie.

Tabel LJII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 41 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nooit.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 45 39 | 37 | | 33 | 42 | | 35 | 40 | | 35 | 34 | | 29 | 31 | | 31 | 31 | | 33 | 36 | 38 | 34 | 36 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

'n Groot persentasie, nl. 38% seuns en 34% meisies, voel nooit asof andere hulle doelbewus kwaad wil aandoen nie. Dit dui op 'n goeie verhouding tussen die adolessent en die mense met wie hy in aanraking kom, asook op 'n goeie algemene instelling om nie met die houding, doeleindes en dade van andere fout te vind nie. Op 14 en 15 jaar is beduidend meer ppe. uit die seuns as uit die meisies getrek sodat die gegewens daarop dui dat meisies van 14 en 15 jaar waarskynlik effens meer as seuns gevoelig is vir wat ander persone se houding teenoor hulle is of wat hulle sê of doen.

(ii) Dit voel soms asof een of ander persoon hulle doelbewus kwaad wil aandoen.

Tabel LIII(b)/...

Tabel LIII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 41 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Soms.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 44 44 | 41 | | 45 | 41 | | 50 | 48 | | 52 | 51 | | 55 | 56 | | 59 | 57 | | 52 | 50 | 46 | 51 | 49 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Die grootste persentasie ppe., nl. 46% seuns en 51% meisies, voel soms asof ander persone hulle doelbewus kwaad wil aandoen. Deurgaans is meer meisies as seuns deur die suggestie getrek hoewel beduidende verskille slegs op 14 jarige ouderdom voorkom. Die gegewens dui dus daarop dat die adolessent baie gevoelig is oor wat ander sê of doen, veral as daar 'n moontlikheid bestaan dat op sy persoonlike regte en vryheid inbreuk gemaak sal word. Dit hou verband met die selfstandigheidsgevoel van die adolessent soos ons dit ook in die literatuur vind, nl. dat hy bevrees is dat ander afbreuk aan sy regte sal doen of aan hom sal voorskryf wat hy moet doen of hoe hy moet optree. Selfs die beste bedoelings van ander persone kan soms verkeerd vertolk word.

(iii) <u>Dit voel dikwels asof een of ander persoon hulle doelbewus kwaad wil aandoen.</u>

Sien bl. 303 vir tabel LIII(c).

'n Geringe persentasie, nl. 10% seuns en 9% meisies, voel dikwels asof andere hulle doelbewus kwaad wil aandoen. Onder hierdie groep val die adolessente wat besonder negatief ingestel is en krities staan teenoor alles wat ander persone van hulle sê of aan hulle doen of teen enige houding wat hulle inneem. Hierdie groep kan waarskynlik ook oorgaan

tot/...

Tabel LIII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 41 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dikwels.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 10 12 | 9 | | 9 | 9 | | 8 | 11 | | 10 | 11 | | 8 | 7 | | 8 | 7 | | 10 | 14 | 10 | 9 | 9 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

tot selfbejammering maar die gegewens dui daarop dat dit nie in 'n groot mate onder die adolessente seuns en meisies voorkom nie.

(iv) Samevatting: Voel dit of ander persone hulle doelbewus kwaad wil aandoen? Negatiewe instelling by die adolessent.

As gevolg van die drang tot beskerming van hulle kosbare vryhede en regte is die adolessent gedurig op die verdediging en wantrou selfs die beste bedoelings van ander persone. Die adolessente meen dan dat doelbewus gepoog word om hulle kwaad aan te doen of om hulle kosbare vryhede en regte te benadeel. Die grootste persentasie voel soms asof ander persone hulle doelbewus wil benadeel en slegs 'n geringe persentasie voel dikwels so. Die gegewens dui egter ook daarop dat 'n sterk persentasie die regte gesindheid en sosiale instelling openbaar en in staat is tot korrekte aanpassing en goeie verhoudings met ander persone.

(f) Het adolessente al ooit gewens dat hulle nooit gebore was nie?

Of adolessente ooit wens dat hulle nooit gebore was nie word aangetoon in tabel LIV en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LIV(a) tot LIV(c).

Tabel LIV/...

Tabel LIV

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 38 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 38. Het u al gewens dat u nooit gebore was nie?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 65 | 59 | 62 | 49 | 57 | 45 | 57 | 41 | 53 | 37 | 49 | 36 | 54 | 19 | 57 | 56 | 43 | 49 |
| ges- | b | 26 | 29 | 27 | 37 | 31 | 39 | 29 | 44 | 34 | 41 | 40 | 49 | 38 | 67 | 36 | 31 | 41 | 36 |
| ties | c | 8 | 7 | 9 | 9 | 9 | 14 | 12 | 11 | 12 | 13 | 7 | 15 | 1 | 10 | 7 | 10 | 12 | 11 |

(i) <u>Adolessente het nog nooit gewens dat hulle nie gebore was nie.</u>

Tabel LIV(a)

Reëelheid van verskille by vraag 38 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Nooit.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 65 59 | 62 | | 49 | 57 | | 45 | 57 | | 41 | 53 | | 37 | 49 | | 36 | 54 | | 19 | 57 | 56 | 43 | 49 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Die grootste persentasie ppe., nl. 56% seuns en 43% meisies, het nog nooit gewens dat hulle nie gebore was nie. ~~Meer~~ Minder meisies as seuns is deur die suggestie getrek met beduidende verskille op ouderdomme 13 tot 18 jaar. Tussen 17 en 18 jarige meisies kom 'n beduidende daling voor waar 'n groot persentasie soms gewens het dat hulle nie gebore was nie. Die gegewens dui daarop dat seuns waarskynlik minder geneig is tot selfbejammering en verwensing as wat die geval met meisies is.

(ii) <u>Adolessente het soms al gewens dat hulle nie gebore was nie.</u>

Tabel LIV(b)/...

Tabel LIV(b)

Reëelheid van verskille by vraag 38 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Soms.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 86 27 | 27 | | 37 | 31 | | 39 | 29 | | 44 | 34 | | 41 | 40 | | 49 | 38 | | 67 | 36 | 31 | 41 | 36 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

'n Sterk persentasie, nl. 31% seuns en 41% meisies, het soms al gewens dat hulle nie gebore was nie.

Die feit dat meer meisies as seuns deur hierdie suggestie getrek is, dui daarop dat meisies waarskynlik meer as seuns geneig is tot selfbejammering en verwensing. Hulle kom hierin ooreen met die gegewens in die vorige vraag verkry (bl.301) want ook hier is beduidend meer meisies getrek uit al die ouderdomsgroepe tussen 13 en 18 jaar.

(iii) Adolessente het dikwels al gewens dat hulle nie gebore was nie.

Tabel LIV(c)

Reëelheid van verskille by vraag 38 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dikwels.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 8 7 | 9 | | 9 | 9 | | 14 | 12 | | 11 | 12 | | 13 | 7 | | 15 | 1 | | 10 | 7 | 10 | 12 | 11 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Die kleinste persentasie, nl. 10% seuns en 12% meisies, het hierdie suggestie aangemerk. Op 14 en 17

jaar/...

jaar is beduidend meer meisies as seuns deur die suggestie getrek terwyl daar 'n styging by meisies tussen 13 en 14 jaar voorkom en 'n beduidende daling by seuns tussen 17 en 18 jaar.

(iv) <u>Samevatting: Het adolessente al ooit gewens dat hulle nooit gebore was nie?</u>

Bykans die helfte van die ppe. het nog nooit gewens dat hulle nie gebore was nie. Ongeveer eenderde van die ppe. het soms al gewens dat hulle nie gebore was nie en by eentiende het dit dikwels al gebeur. Die gegewens dui daarop dat die meerderheid van ppe. in so 'n mate gelukkig is dat hulle nooit hulle geboortedag verwens nie of dat dit maar net soms gebeur en in die reël nie plaasvind nie. Die kleinste persentasie maar meer meisies as seuns wens dikwels dat hulle nie gebore was nie.

(g) <u>Hoekom adolessente gewens het dat hulle nooit gebore was nie.</u>

Hoekom adolessente gewens het dat hulle nooit gebore was nie word aangetoon in tabel LV en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LV(a) tot LV(d).

<u>Tabel LV</u>

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 39 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 39. Hoekom het u gewens dat u nooit gebore was nie? (Geld nie vir diegene wat 38(a) gemerk het nie).

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 11 | 13 | 11 | 13 | 13 | 17 | 10 | 19 | 11 | 17 | 14 | 28 | 21 | 33 | 29 | 12 | 18 | 15 |
| ges- | b | 10 | 10 | 17 | 20 | 16 | 22 | 15 | 26 | 15 | 21 | 16 | 24 | 15 | 5 | 21 | 15 | 22 | 19 |
| ties | c | 5 | 6 | 9 | 10 | 10 | 16 | 12 | 17 | 16 | 19 | 17 | 20 | 18 | 19 | 7 | 12 | 16 | 14 |
| | d | 10 | 6 | 6 | 10 | 7 | 10 | 7 | 12 | 7 | 12 | 13 | 19 | 12 | 14 | 7 | 10 | 11 | 11 |

(i) <u>Adolessente voel dat hulle maar mislukkings is en niks regkry nie.</u>

Tabel LV(a)/...

<u>Tabel LV(a)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 39 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Ek is maar 'n mislukking en kry niks reg nie.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 11 13 | 11 | | 13 | 13 | | 17 | 10 | | 19 | 11 | | 17 | 14 | | 28 | 21 | | 33 | 29 | 12 | 18 | 15 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | - | | + | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

As in aanmerking geneem word dat 49% van die ppe. nog nooit hulle geboortedag verwens het nie is die persentasie deur hierdie suggestie getrek nl. 12% seuns en 18% meisies, uit al die ppe. en ~~dat die persentas~~ie ook by die ander suggesties besonder hoog ~~is~~ d.w.s. ongeveer 'n kwart van die ppe. wat al hulle geboortedag verwens het. Meer meisies as seuns voel dat hulle maar mislukkings is en niks regkry nie, sodat beduidende verskille voorkom op ouderdomme 14 tot 17 jaar. 'n Beduidende styging kom by meisies voor tussen 16 en 17 jaar en die verdere hoë persentasie op 18 jaar dui daarop dat hierdie gedagte meer by die ouer leerlinge opkom, waarskynlik omdat hulle hulleself nie verstaan nie en hulle beste pogings om met ander persone goeie verhoudings daar te stel ook misluk. Die gegewens dui daarop dat meisies meer as seuns geneig is tot selfbejammering.

(ii) <u>Adolessente wens dat hulle nooit gebore was nie omdat ander tog nie waardeer wat hulle doen nie.</u>

Sien bl. 308 vir tabel LV(b).

Hierdie suggestie het 15% seuns en 22% meisies uit die ppe. getrek, d.w.s. ongeveer eenderde soos hierbo verduidelik, wat aantoon dat die begeerte dat andere sal waardeer wat hulle doen baie sterk by die adolessent teenwoordig is. By meisies is hierdie begeerte sterker as by

seuns/...

Tabel LV(b)

Reëelheid van verskille by vraag 39 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Andere waardeer tog nie wat ek doen nie.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 10 | 10 | 17 | | 22 | 16 | | 22 | 15 | | 26 | 15 | | 21 | 16 | | 24 | 15 | | 5 | 21 | 15 | 22 | 19 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

seuns met beduidende verskille op ouderdomme 14 tot 16 jaar. 'n Beduidende daling kom voor by meisies tussen 15 en 16 jaar asook tussen 17 en 18 jaar in teenstelling met 'n styging by meisies tussen 12 en 13 jaar. Die begeerte tot waardering het betrekking op die sosiale bewussyn van die mens waar hy nie kan leef en beweeg sonder die goedkeuring van ander mense om hom heen nie. Gebrek aan waardering vir wat hy doen, wek by die adolessent die begeerte tot verwensing van sy geboortedag.

(iii) <u>Adolessente wens dat hulle nooit gebore was nie omdat hulle net teenkanting en teenspoed in die lewe ondervind.</u>

Tabel LV(c)

Reëelheid van verskille by vraag 39 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek ondervind net teenkanting en teenspoed in die lewe.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 5 | 6 | 9 | | 10 | 10 | | 16 | 12 | | 17 | 16 | | 19 | 17 | | 20 | 18 | | 19 | 7 | 12 | 16 | 14 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie/...

Hierdie suggestie het 12% seuns en 16% meisies uit ons ppe. getrek d.w.s. ook ongeveer 'n kwart van die wat ongelukkig voel. Meer meisies as seuns meen dat hulle net teenkanting en teenspoed in die lewe ondervind en beduidende verskille kom voor op ouderdomme 14 en 15 jaar. By meisies is 'n styging tussen 14 en 15 jaar en by seuns tussen 15 en 16 jaar merkbaar, sodat dit skyn asof die hoër ouderdomsgroepe meer tot selfbejammering geneig is.

(iv) <u>Adolessente wens dat hulle nooit gebore was nie omdat hulle van geen nut vir die samelewing is nie.</u>

<u>Tabel LV(d)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 39 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Ek is van geen nut vir die samelewing nie.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 10 6 | 6 | | 10 | 7 | | 10 | 7 | | 12 | 7 | | 12 | 13 | | 19 | 12 | | 14 | 7 | 10 | 11 | 11 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het die geringste persentasie ppe. getrek, nl. 10% seuns en 11% meisies. Beduidend meer meisies as seuns het die suggestie aangemerk op ouderdomme 13, 15 en 16 jaar. Tussen 16 en 17 jaar is 'n beduidende styging by seuns. 'n Groter persentasie uit die hoër ouderdomsgroepe hou waarskynlik verband met die begeerte tot die diens en 'n bydrae tot die algemene welsyn van die samelewing.

(v)/...

(v) <u>Samevatting: Hoekom adolessente al gewens het dat hulle nooit gebore was nie.</u>

Die belangrikste enkele faktor wat veroorsaak dat adolessente wens dat hulle nooit gebore was nie is die feit dat ander persone nie waardeer wat hulle doen nie. Die begeerte dat andere sal waardeer wat hulle doen, is by meisies sterker as by seuns. Hierdie verskynsel het waarskynlik betrekking op die sosiale bewussyn van die mens, waar hy verlang dat ander persone sal raaksien wat hy doen en die opofferings en moeite wat hy doen sal waardeer. Dit dui nogeens daarop dat mense en hulle houding teenoor hom 'n belangrike faktor in die lewe van die adolessent is. Die gegewens dui daarop dat meisies meer tot selfbejammering geneig is en maklik voel dat hulle maar 'n mislukking is, net teenkanting en teenspoed in die lewe ondervind en van geen nut vir die samelewing is nie. Hierdie faktore speel egter ook 'n rol in die lewe van die seun alhoewel in 'n mindere mate.

3. <u>Senuweeagtigheid wanneer die adolessent voor mense moet optree en met hulle moet praat.</u>

Of die adolessent 'n mate van vrees openbaar deurdat hy senuweeagtig is as hy voor mense optree en met hulle moet praat, word in die vraelys ondersoek. As dit mense is wat sy emosies wek, m.a.w. sosiale prikkels, sal sy optrede voor mense 'n mate van senuweeagtigheid openbaar.

(a) <u>By watter geleenthede adolessente senuweeagtig voel en stotter as hulle moet praat.</u>

Die geleenthede wanneer adolessente baie senuweeagtig is en stotter as hulle moet praat, word in tabel LVI en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties, in tabelle LVI(a) tot LVI(h) aangetoon.

<u>Tabel LVI</u>

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 3 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 3. Wanneer is u baie senuweeagtig en stotter u as u moet praat?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug-ges-ties | a | 19 | 38 | 29 | 29 | 28 | 23 | 29 | 21 | 29 | 21 | 26 | 29 | 28 | 19 | 29 | 28 | 24 | 26 |
| | b | 8 | 3 | 13 | 9 | 12 | 9 | 11 | 9 | 10 | 12 | 8 | 15 | 10 | 14 | 7 | 11 | 10 | 10 |
| | c | 3 | - | 5 | 5 | 5 | 4 | 3 | 3 | 2 | 4 | 1 | - | 4 | - | - | 4 | 3 | 4 |
| | d | 23 | 12 | 14 | 14 | 14 | 15 | 15 | 16 | 15 | 15 | 11 | 16 | 19 | 29 | 14 | 15 | 15 | 15 |
| | e | 42 | 24 | 28 | 8 | 29 | 34 | 26 | 36 | 25 | 30 | 27 | 28 | 29 | 38 | 29 | 28 | 29 | 28 |
| | f | 36 | 34 | 32 | 19 | 32 | 36 | 29 | 36 | 28 | 33 | 25 | 38 | 32 | 19 | 36 | 30 | 33 | 31 |
| | g | 26 | 13 | 19 | 17 | 19 | 21 | 21 | 25 | 23 | 19 | 23 | 19 | 22 | 24 | 21 | 21 | 21 | 21 |
| | h | 16 | 9 | 16 | 15 | 17 | 24 | 15 | 24 | 18 | 21 | 22 | 19 | 25 | 14 | 21 | 16 | 21 | 19 |

(i) <u>Adolessente voel nooit senuweeagtig of stotter as hulle moet praat nie.</u>

Sien bl. 312 vir tabel LVI(a).

Senuweeagtigheid in optrede voor andere kan beskou word as 'n aanduiding van die mate waarin sosiale aanpassing reeds plaasgevind het. Leerlinge wat nooit voor andere senuweeagtig is nie, besit waarskynlik 'n groot mate van selfvertroue wat spruit uit 'n aanpassingsvermoë by

vreemdes/...

Tabel LVI(a)

Reëelheid van verskille by vraag 3 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nooit.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 19 38 | 29 | | 29 | 28 | | 23 | 29 | | 21 | 29 | | 21 | 26 | | 29 | 28 | | 19 | 29 | 28 | 24 | 26 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | + | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

vreemdes en vreemde situasies. 'n Goeie persentasie ppe., nl. 28% seuns en 24% meisies, meen dat hulle nooit so senuweeagtig is dat hulle woorde vassteek en hulle stotter as hulle moet praat voor vreemdes nie. Seuns op ouderdomme 12, 14, 15 en 16 jaar is beduidend meer selfversekerd as meisies, want meer seuns sê dat hulle nooit so senuweeagtig is dat hulle stotter as hulle aan vreemdes iets moet sê nie. By meisies is 'n beduidende afname by hoër leeftye merkbaar tussen 12 en 13 asook tussen 13 en 14 jaar. Origens kom geen beduidende verskille voor nie.

(ii) <u>Adolessente voel senuweeagtig en stotter as hulle moet praat voor hulle klasmaats.</u>

Tabel LVI(b)

Reëelheid van verskille by vraag 3 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Voor klasmaats.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 8 3 | 13 | | 9 | 12 | | 9 | 11 | | 9 | 10 | | 12 | 8 | | 15 | 10 | | 14 | 7 | 11 | 10 | 10 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | − | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

By/...

By seuns sowel as by meisies is slegs 10% van die ppe. deur hierdie suggestie getrek. By meisies is 'n toename merkbaar tussen 12 en 13 jaar en op 17 jaar is beduidend meer meisies as seuns deur die suggestie getrek. Die geringe senuweeagtigheid voor die klasmaats kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die adolessente minder senuweeagtig voel in die bekende situasie waar ander persone soos hulleself is wat ook flaters maak en hulle dus nie so sterk sal veroordeel nie.

(iii) Adolessente voel senuweeagtig en stotter as hulle moet praat voor hulle ouers.

Tabel LVI(c)

Reëelheid van verskille by vraag 3 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Voor my ouers.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 3 - | 5 | | 5 | 5 | | 4 | 3 | | 3 | 2 | | 4 | 1 | | - | 4 | | - | - | 4 | 3 | 4 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Die geringste persentasie ppe., nl. 4% seuns en 3% meisies, is deur hierdie suggestie getrek. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat 'n goeie algemene verhouding tussen ouers en hulle adolessente kinders bestaan en dat die seuns en dogters die versekering het dat hulle nie onnodig of uitermate en onsimpatiek deur hulle ouers gekritiseer sal word as hulle moontlik flaters maak nie.

(iv) Adolessente voel senuweeagtig en stotter as hulle moet praat voor volwassenes.

Tabel/...

## Tabel LVI(d)

Reëelheid van verskille by vraag 3 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Voor volwassenes.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 23 12 | 14 | | 14 | 14 | | 15 | 15 | | 16 | 15 | | 15 | 11 | | 16 | 19 | | 29 | 14 | 15 | 15 | 15 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Oor die algemeen bestaan daar 'n taamlike senuweeagtigheid voor volwassenes, nl. 15% seuns sowel as meisies en geen beduidende verskille is merkbaar nie. Die taamlike mate van senuweeagtigheid kan moontlik gewyt word aan die strewe na erkenning as volwassene sodat die adolessent nie voor ander volwassenes swak wil vertoon nie. Verder het die vreemde situasie, veral as dit vreemde volwassenes is, ook iets daarmee te doen.

(v) Adolessente voel senuweeagtig en stotter as hulle moet praat voor hulle onderwysers.

## Tabel LVI(e)

Reëelheid van verskille by vraag 3 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Voor my onderwysers.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 42 24 | 28 | | 8 | 29 | | 34 | 26 | | 36 | 25 | | 30 | 27 | | 28 | 29 | | 38 | 29 | 28 | 29 | 28 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | + | + | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Senuweeagtigheid/...

Senuweeagtigheid voor onderwysers het 28% seuns en 29% meisies uit ons ppe. getrek wat miskien te wyte is aan die vrees soos in die klassituasie dat die leerling 'n fout sal begaan. Beduidende verskille tussen seuns en meisies kom voor op 12, 13 en 14 jaar. Op 12 en 13 jaar is meer seuns deur die suggestie getrek maar op 14 jaar is die teenoorgestelde waar, nl. dat meer meisies as seuns die suggestie aangemerk het. By meisies word 'n beduidende afname tussen 12 en 13 jaar opgevolg deur 'n beduidende toename tussen 13 en 14 jaar. Tussen 15 en 16 jaar is weer 'n beduidende afname by meisies merkbaar. Die grootste senuweeagtigheid voor onderwysers kom by meisies dus voor op ouderdomme tussen 14 en 16 jaar. By die jonger seuns is die senuweeagtigheid voor onderwysers sterker as by jonger meisies maar by die ouer leerlinge vanaf 14 jaar en ouer is die persentasie meisies deur die suggestie getrek weer hoër as by seuns.

(vi) Adolessente voel senuweeagtig en stotter as hulle moet praat voor vreemdelinge.

Tabel LVI(f)

Reëelheid van verskille by vraag 3 suggestie (f) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Voor vreemdelinge.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 36 34 | 32 | | 19 | 32 | | 36 | 29 | | 36 | 28 | | 33 | 25 | | 38 | 32 | | 19 | 36 | 30 | 33 | 31 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het 30% seuns en 33% meisies uit ons ppe. getrek. Beduidende verskille tussen die geslagte is merkbaar op 13, 15 en 17 jaar. Op 13 jarige ouderdom is meisies minder as seuns senuweeagtig voor

vreemdes/...

vreemdes, maar in die groep vanaf 14 tot 17 jaar is weer meer ppe. uit die meisies getrek.

Die feit dat meer meisies deur die suggestie getrek is, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die sosiale bewussyn van die meisie by die hoër ouderdomme sterker ontwikkel is as wat by seuns die geval sou wees.

(vii) Adolessente is senuweeagtig en stotter as hulle moet praat voor lede van die teenoorgestelde geslag.

Tabel LVI(g)

Reëelheid van verskille by vraag 3 suggestie (g) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Voor lede van die teenoorgestelde geslag.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 26 13 | 19 | | 17 | 19 | | 21 | 21 | | 25 | 23 | | 19 | 23 | | 19 | 22 | | 24 | 21 | 21 | 21 | 21 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het 21% seuns sowel as meisies uit die ppe. getrek. Senuweeagtigheid voor lede van die teenoorgestelde geslag styg aanvanklik by meisies van hoër ouderdomme en bereik 'n hoogtepunt wat beduidend verskil van seuns en hulle oortref op 15 jaar. Verder vind by meisies dan 'n beduidende afname plaas tussen 15 en 16 jaar. Hierdie afname in senuweeagtigheid by die ouer meisies is waarskynlik daaraan toe te skryf dat hulle al meer ervaring opgedoen het en meer sosiale bedrewenheid besit wat met selfvertroue voor die teenoorgestelde geslag gepaard gaan.

(vii) Adolessente is senuweeagtig en stotter as hulle moet praat voor 'n bepaalde iemand van die teenoorgestelde geslag.

Tabel LVI(h)/...

Tabel LVI(h)

Reëelheid van verskille by vraag 3 suggestie (h) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Voor 'n bepaalde iemand van die teenoorgestelde geslag.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 16 9 | 16 | | 15 | 17 | | 24 | 15 | | 24 | 18 | | 21 | 22 | | 19 | 25 | | 14 | 21 | 16 | 21 | 19 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het 16% seuns en 21% meisies getrek. Senuweeagtigheid voor 'n bepaalde persoon van die teenoorgestelde geslag toon 'n beduidende styging by meisies tussen 12 en 13 jaar met die hoogtepunt op 14 en 15 jaar. Op 14 en 15 jaar is beduidend meer meisies as seuns deur hierdie suggestie getrek.

Die bewus wees van die teenoorgestelde geslag en sosiale verhoudings is op 14 en 15 jaar onmiddellik na die ontluiking van belangstelling in die teenoorgestelde geslag waarskynlik sterker. Op daardie ouderdom het hulle nog maar min ervaring in die verband opgedoen en daarom word meer senuweeagtigheid openbaar.

(ix) Samevatting: By watter geleenthede adolessente baie senuweeagtig is en stotter as hulle moet praat.

Adolessente voel die meeste senuweeagtig as hulle moet praat voor vreemdelinge. In vreemde situasies besit hulle nie die selfvertroue wat nodig is om 'n gesprek te voer nie en vandaar die senuweeagtigheid. Die tweede meeste ppe., nl. 28% seuns en 29% meisies, sê dat hulle senuweeagtig is voor hulle onderwysers. Hierdie senuweeagtigheid kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat by die adolessent 'n vrees bestaan dat hy in sy optrede voor 'n onderwyser(-es) 'n fout sal begaan en soos in die klassituasie daarin reggehelp sal word.

'n Goeie/...

'n Goeie persentasie, nl. 28% seuns en 24% meisies, sê dat hulle nooit so senuweeagtig is dat hulle stotter as hulle met andere moet praat nie. Seuns is meer selfversekerd as meisies en sê dat hulle nooit so senuweeagtig is dat hulle stotter as hulle aan ander persone iets moet sê nie.

Van die ppe. sê 21% seuns sowel as meisies dat hulle senuweeagtig is as hulle voor lede van die teenoorgestelde geslag moet optree. 'n Afname by meisies ouer as 15 jaar kan waarskynlik toegeskryf word aan hulle meerdere ervaring in die omgang met lede van die teenoorgestelde geslag, ervaring wat sosiale bedrewenheid en selfvertroue meebring. Nou verwant hieraan is senuweeagtigheid voor 'n bepaalde iemand van die teenoorgestelde geslag wat 16% seuns en 21% meisies getrek het. Die hoogtepunt in hierdie senuweeagtigheid word gevind op 14 en 15 jaar, wat waarskynlik gewyt kan word aan hulle intense belangstelling in die teenoorgestelde geslag, gepaard met die geringe ervaring wat hulle tot dusver opgedoen het, sodat hulle onseker voel in die teenwoordigheid van 'n bepaalde iemand in wie hulle op die oomblik besonder belangstel.

Senuweeagtigheid voor volwassenes het effens minder ppe. getrek, nl. 15% seuns sowel as meisies. Dit skyn of hieronder veral bekende volwassenes soos huisvriende, familie, ens., ingesluit word, aangesien hierdie suggestie soveel minder ppe. getrek het as die suggestie wat betrekking het op vreemdes. Belangrik is hierdie strewe na erkenning as volwassenes en dan die vrees daarby dat hulle swak mag vertoon voor die volwassenes, met ander woorde, nie soos volwassenes sal kan praat nie.

'n Klein persentasie, nl. 10% seuns sowel as meisies, is getrek deur die suggestie dat hulle voor hulle klasmaats senuweeagtig is. Nog minder, nl. 4% seuns en 3% meisies, sê dat hulle senuweeagtig is voor hulle ouers. Albei hierdie

gevalle/...

gevalle het waarskynlik betrekking op die openhartigheid in die eie intieme en bekende kringe van die klas en die huisgesin waar elkeen met vrymoedigheid kan praat en nie sterk deur die ander gekritiseer sal word nie maar eerder reggehelp sal word. Dit dui dus 'n goeie verhouding aan tussen die adolessente en hulle klasmaats asook met hulle ouers.

(b) Waarom adolessente so senuweeagtig is.

Die redes waarom adolessente so senuweeagtig is dat hulle stotter as hulle moet praat, word aangedui in tabel LVII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties word in tabelle LVII(a) tot LVII(f) aangetoon.

Tabel LVII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 4 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 4. Waarom is u by die geleenthede so senuweeagtig?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Suggesties | a | 19 | 9 | 19 | 19 | 18 | 20 | 17 | 20 | 14 | 16 | 12 | 14 | 15 | 10 | 21 | 16 | 18 | 18 |
| | b | 21 | 9 | 12 | 13 | 13 | 13 | 14 | 14 | 11 | 12 | 12 | 9 | 13 | 10 | 21 | 13 | 13 | 13 |
| | c | 42 | 16 | 25 | 21 | 26 | 28 | 24 | 42 | 26 | 21 | 24 | 20 | 35 | 14 | 36 | 25 | 25 | 25 |
| | d | 23 | 13 | 20 | 17 | 16 | 14 | 17 | 16 | 11 | 13 | 9 | 14 | 15 | 10 | 7 | 16 | 16 | 16 |
| | e | 42 | 35 | 36 | 38 | 36 | 42 | 30 | 44 | 29 | 14 | 31 | 46 | 38 | 67 | 43 | 33 | 42 | 38 |
| | f | 27 | 18 | 22 | 20 | 21 | 24 | 20 | 27 | 21 | 24 | 20 | 28 | 18 | 14 | 21 | 21 | 24 | 23 |

(i) Adolessente is senuweeagtig omdat hulle skaam voel voor grootmense.

Tabel LVII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 4 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat ek skaam voel voor grootmense.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 19 9 | 19 | | 19 | 18 | | 20 | 17 | | 20 | 14 | | 16 | 12 | | 14 | 15 | | 10 | 21 | 16 | 18 | 18 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie/...

Hierdie suggestie het 16% seuns en 18% meisies getrek, maar slegs tussen meisies van 12 en 13 jaar kom 'n beduidende verskil voor. Origens is dit nie van belang nie.

Die skaamtegevoel voor grootmense is oor die algemeen sterker by die jonger leerlinge en neem vanaf 14 jaar af namate hulle ouer word met die uitsondering dat 12 jarige meisies beduidend minder skaam voel as 13 jarige meisies. Die geleidelike afname toon geen beduidende verskille nie maar hou waarskynlik verband met die sosiale ontwikkeling en aanpassing wat selfvertroue meebring, sodat die ppe. nie meer skaam voel nie omdat hulle self al meer die rol van volwassenes begin aanneem.

(ii) <u>Adolessente is senuweeagtig omdat die grootmense hulle miskien mag verkleineer.</u>

<u>Tabel LVII(b)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 4 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Omdat die grootmense my miskien mag verkleineer.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 21 9 | 12 | | 13 | 13 | | 13 | 14 | | 14 | 11 | | 12 | 12 | | 9 | 13 | | 10 | 21 | 13 | 13 | 13 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | – | + | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Vrees vir verkleinering voor grootmense het 'n gemiddeld van 13% uit die seuns sowel as meisies getrek. By seuns van 12 jaar is 'n beduidende sterker vrees aanwesig as by seuns van 13 jaar. Die sterk vrees by seuns van 12 jaar kan moontlik daaraan toegeskryf word dat hulle so pas tot die hoërskool toegelaat is en voel dat hulle nou 'n nuwe status het maar nog nie seker is van hierdie status nie en vrees dat andere hulle daarin mag verkleineer.

(iii) Adolessente is senuweeagtig omdat hulle nie voor iemand van die teenoorgestelde geslag 'n flater wil maak nie.

Tabel LVII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 4 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Omdat ek nie voor iemand van die teenoorgestelde geslag 'n flater wil maak nie.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 42 16 | 25 | | 21 | 26 | | 28 | 24 | | 42 | 26 | | 21 | 24 | | 20 | 35 | | 14 | 36 | 25 | 25 | 25 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | + | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Die tweede sterkste rede wat deur die adolessente aangemerk is as oorsaak vir hulle senuweeagtigheid is die begeerte om goed te vertoon voor lede van die teenoorgestelde geslag. Hierdie suggestie het 25% van die ppe. getrek uit die seuns sowel as die meisies. Op 12 en 18 jaar is dit 'n beduidend sterker oorsaak by seuns as by meisies maar op 15 jaar is die beduidende verskil andersom. Meisies toon 'n geleidelike styging met 'n hoogtepunt by 15 jaar en daarna 'n geleidelike afname met beduidende verskille tussen 13 en 14, 14 en 15 asook tussen 15 en 16 jaar. Die persentasie ppe. uit die seuns getrek bly min of meer konstant en is taamlik hoog maar openbaar skielike stygings by 12 jaar, 18 en ook 19 jaar, hoewel 'n beduidende verskil slegs tussen 12 en 13 jaar voorkom.

Die vrees om 'n flater te maak voor lede van die teenoorgestelde geslag bereik by meisies 'n hoogtepunt op 15 jaar wat waarskynlik gepaard gaan met 'n intense belangstelling in en 'n bewus wees van die teenoorgestelde geslag. By jonger meisies is die bewussyn van die teenoorgestelde geslag waarskynlik nog nie so sterk ontwikkel nie terwyl die

ouer/...

ouer meisies al meer selfvertroue opgebou het uit hulle ervaring met lede van die teenoorgestelde geslag.

(iv) <u>Adolessente is senuweeagtig omdat hulle vriende hulle miskien sal spot.</u>

Tabel LVII(d)

Reëelheid van verskille by vraag 4 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat my vriende my miskien sal spot.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 23 | 13 | 20 | | 17 | 16 | | 14 | 17 | | 16 | 11 | | 13 | 9 | | 14 | 15 | | 10 | 7 | 16 | 16 | 16 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Vrees vir spot deur hulle vriende het 16% van die ppe. uit albei geslagte getrek. Seuns van 15 jaar is beduidend meer senuweeagtig hieroor as seuns van 16 jaar, waarskynlik omdat die ouer seuns deur meer ervaring namate hulle ouer word meer selfvertroue verwerf.

(v) <u>Adolessente is senuweeagtig omdat hulle bang is dat hulle dalk 'n fout kan begaan.</u>

Tabel LVII(e)

Reëelheid van verskille by vraag 4 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat ek bang is ek maak dalk 'n fout.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 42 | 35 | 36 | | 38 | 36 | | 42 | 30 | | 44 | 29 | | 14 | 31 | | 46 | 38 | | 67 | 43 | 33 | 42 | 38 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Die/...

Die belangrikste rede vir senuweeagtigheid by seuns sowel as meisies, nl. 33% seuns en 42% meisies, is die vrees dat hulle dalk 'n fout sal begaan. By meisies vind ons 'n geleidelike styging van 12 tot 15 jaar met beduidende verskille tussen 13 en 14 asook tussen 14 en 15 jaar. By meisies van 16 jaar is 'n beduidende daling vanaf 15 jaar en 'n styging tussen 16 en 17 jaar merkbaar. Hierdie hoë persentasie word op 18 jaar gehandhaaf.

Moontlik kan dit wees dat die meisie van 16 jaar soveel selfvertroue verwerf het dat sy meen dat sy nie 'n fout sal begaan nie. Aan die ander kant word die vrees by die ouer meisies bo 16 jaar al sterker, waarskynlik omdat hulle verantwoordelikheidsgevoel toeneem en hulle al meer vrees dat hulle 'n fout sal begaan. Sosiale bewussyn speel dus waarskynlik 'n belangrike rol, nl. hulle opvatting oor wat die mense met wie hulle in aanraking kom van hulle sal dink.

Beduidende verskille tussen seuns en meisies kom voor op ouderdomme 14 tot 18 jaar. Op al die genoemde ouderdomme behalwe 16 jaar is die seuns minder bevrees dat hulle 'n fout sal begaan. By seuns kom 'n laagtepunt op 16 jaar voor as gevolg van 'n daling vanaf 12 jaar alhoewel 'n beduidende verskil slegs tussen 14 en 15 jaar voorkom. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die jonger seuns minder selfvertroue het en dus meer bevrees is dat hulle foute sal begaan.

(vi) Adolessente is senuweeagtig omdat hulle nie swak voor hom/haar wil vertoon nie.

Sien bl. 324 vir tabel LVII(f).

Albei geslagte wil graag goed vertoon voor 'n bepaalde persoon van die teenoorgestelde geslag en daarom is hulle senuweeagtig in hulle optrede voor hom/haar, nl.

Tabel LVII(f)

Reëelheid van verskille by vraag 4 suggestie (f) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat ek nie swak voor hom (haar) wil vertoon nie.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 27 18 | 22 | | 20 | 21 | | 24 | 20 | | 27 | 21 | | 24 | 20 | | 28 | 18 | | 14 | 21 | 21 | 24 | 23 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

21% seuns en 24% meisies. 'n Beduidende verskil kom slegs op 15 jaar voor waar meer meisies as seuns deur die suggestie getrek is. Hoewel nie beduidend nie is daar 'n daling tussen 15 en 16 jarige meisies gevolg deur 'n styging tussen 16 en 17 jarige meisies. Waarskynlik kan dit daaraan toegeskryf word dat meisies van 16 jaar, soos voorheen reeds aangetoon is, soveel selfvertroue in sosiale bedrewenheid het dat hulle nie bang is dat hulle voor 'n bepaalde iemand van die teenoorgestelde geslag swak sal vertoon nie. Moontlik neem hulle die verhouding tot die teenoorgestelde geslag op 17 jaar al ernstiger op, vandaar die styging by meisies tussen 16 en 17 jaar.

(vii) Samevatting: Waarom adolessente so senuweeagtig is dat hulle stotter as hulle moet praat.

Die belangrikste rede vir senuweeagtigheid by seuns sowel as meisies is die vrees dat hulle dalk 'n fout sal begaan. Die geleidelike styging by meisies vanaf 12 tot 15 jaar toon dat die vrees toeneem namate hulle ouer word en graag goed voor ander persone wil vertoon en erkenning as volwassene wil verkry.

Die rol wat die teenoorgestelde geslag in die lewe van die adolessente speel, word aangetoon deur die feit dat hulle nie graag 'n flater voor lede van die teenoorgestelde

geslag/...

geslag wil maak nie en veral nie voor 'n bepaalde iemand van die teenoorgestelde geslag nie. Daarom is hulle so senuweeagtig as hulle moet optree. Op 15 jaar is beduidend meer meisies as seuns deur hierdie suggesties getrek. Seuns toon meer 'n gelykmatige persentasie van die wat senuweeagtig is in optrede voor lede van die teenoorgestelde geslag asook voor 'n bepaalde iemand.

'n Minder belangrike rede vir senuweeagtigheid by seuns sowel as meisies is dat hulle skaam voel voor grootmense. Hierdie rede is veral sterker by jonger leerlinge, waarskynlik omdat hulle meer selfvertroue verkry namate hulle sosiale ontwikkeling vorder. Dieselfde geld ook vir die vrees dat grootmense hulle mag verkleineer sowel as die vrees dat hulle vriende met hulle sal spot.

4. Die sosiale aspek van die emosie van woede by die adolessent.

In die ondersoek word nagegaan watter sosiale prikkels of situasies die adolessent in die reël kwaad maak, wat hy doen as hy kwaad is en of sy bui van woede weer gou bedaar of nie.

(a) Watter sosiale situasies die adolessent in die reël kwaad maak.

Watter sosiale situasies die adolessent in die reël kwaad maak, word aangetoon in tabel LVIII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LVIII(a) tot LVIII(e).

Sien bl. 326 vir tabel LVIII.

(i) Die adolessent word kwaad as grootmense maak asof hy 'n kind is.

Tabel LVIII(a)/...

## Tabel LVIII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 7 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 7. Watter een van die volgende situasies maak u in die reël kwaad?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Suggesties | a | 16 | 6 | 10 | 9 | 11 | 13 | 13 | 14 | 15 | 14 | 24 | 17 | 21 | 5 | 21 | 14 | 13 | 13 |
| | b | 52 | 49 | 55 | 51 | 50 | 50 | 53 | 48 | 51 | 46 | 55 | 48 | 44 | 43 | 29 | 52 | 49 | 51 |
| | c | 39 | 25 | 38 | 34 | 37 | 40 | 41 | 46 | 54 | 43 | 61 | 40 | 44 | 33 | 71 | 43 | 37 | 40 |
| | d | 15 | 9 | 8 | 9 | 10 | 14 | 10 | 16 | 13 | 17 | 12 | 20 | 16 | 14 | 21 | 11 | 14 | 13 |
| | e | 36 | 38 | 33 | 35 | 38 | 42 | 32 | 45 | 28 | 44 | 33 | 48 | 32 | 48 | 43 | 33 | 42 | 39 |

## Tabel LVIII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 7 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

As grootmense maak asof ek 'n kind is.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 16 6 | 10 | | 9 | 11 | | 13 | 13 | | 14 | 15 | | 14 | 24 | | 17 | 21 | | 5 | 21 | 14 | 13 | 13 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | + | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | | |

Hoewel dit nie 'n groot persentasie uit die ppe. getrek het nie, nl. 14% seuns en 13% meisies, is een van die oorsake vir die opwekking van die woede van die adolessent geleë in sy stryd tot emansipasie, d.w.s. wanneer persone met wie hy in aanraking kom, maak of hy nog 'n kind is, en hulle nie sy aanspraak op volwassenheid wil erken nie. Hierdie suggestie het meer ppe. uit die seuns as uit die meisies getrek, alhoewel die verskille slegs op 18 jaar beduidend is. Dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat meisies gouer erkenning ontvang of wanneer hulle aanspraak maak op erkenning as volwassenes dit gouer verkry as wat die geval met seuns is.

(ii) <u>Die adolessent word kwaad as hy voor sy maats verneder word.</u>

<u>Tabel LVIII(b)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 7 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
As ek voor my maats verneder word.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 52 49 | 55 | | 51 | 50 | | 50 | 53 | | 48 | 51 | | 46 | 55 | | 48 | 44 | | 43 | 29 | 52 | 49 | 51 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Vernedering voor sy maats is een van die belangrikste prikkels wat die emosies van woede by die adolessent wek, nl. ~~by~~ 52% by seuns en 49% by meisies. By seuns is deurgaans meer ppe. deur hierdie suggestie getrek, alhoewel beduidende verskille met meisies slegs op 15 jaar voorkom. Die gegewens dui dus daarop dat die goedkeuring van sy ouderdomsgroep en prestasies in hulle oë vir hom van die uiterste belang is en as daaraan skade berokken word, sal sy emosies van woede onmiddellik gewek word.

(iii) <u>Die adolessent word kwaad as hy voor iemand van die teenoorgestelde geslag verneder word.</u>

<u>Tabel LVIII(c)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 7 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
As ek voor iemand van die teenoorgestelde geslag verneder word.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 39 25 | 38 | | 34 | 37 | | 40 | 41 | | 46 | 54 | | 43 | 61 | | 40 | 44 | | 33 | 71 | 43 | 37 | 40 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | + | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | + | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | + | | | |

'n Belangrike/...

'n Belangrike prikkel vir die opwekking van die emosie van woede by die adolessent, nl. by 43% seuns en 37% meisies, is vernedering voor iemand van die teenoorgestelde geslag. Ook hier is meer ppe. uit die seuns as uit die meisies getrek, met beduidende verskille op 12, 16 en 17 jaar, hoewel meisies op 15 jaar hieroor gevoeliger is as seuns. Verder is die meeste ppe. deur hierdie suggestie by meisies getrek uit die ouderdomsgroepe 15 en 16 jaar terwyl uit die seuns op ouderdomme 16 en 17 jaar, dus 'n jaar ouer, die meeste ppe. getrek is. Hierdie verskynsel kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die gevoeligheid oor vernedering voor die teenoorgestelde geslag toeneem in verhouding tot die toename in belangstelling in die teenoorgestelde geslag. By die seuns kom die hoogtepunt 'n jaar later as by die meisies. Gepaard met hulle erkenning as volwassenes neem hierdie prikkel as oorsaak van hulle woede ook af, sodat beduidende verskille by seuns voorkom tussen 15 en 16, asook tussen 17 en 18 jaar met weer 'n beduidende styging tussen 18 en 19 jaar. 'n Beduidende styging by meisies kom voor tussen 13 en 14 asook tussen 14 en 15 jaar.

Die verskynsel dat 'n hoër persentasie uit die meisies getrek is op 15 jaar, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat seuns eers 'n jaar later as meisies die hoogtepunt in hulle belangstelling in die teenoorgestelde geslag bereik.

(iv) <u>Die adolessent word kwaad as hy voor andere iets op 'n onbeholpe manier sê of doen.</u>

Sien bl. 329 vir tabel LVIII(d).

Hoewel slegs 'n klein persentasie ppe., nl. 11% seuns en 14% meisies, getrek is deur die suggestie dat hulle vir hulleself kwaad word as hulle voor ander persone iets op 'n onbeholpe manier sê of doen, is dit by meisies

deurgaans/...

Tabel LVIII(d)

Reëelheid van verskille by vraag 7 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
As ek voor andere iets op 'n onbeholpe manier sê of doen.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 15 9 | 8 | | 9 | 10 | | 14 | 10 | | 16 | 13 | | 17 | 12 | | 20 | 16 | | 14 | 21 | 11 | 14 | 13 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

deurgaans belangriker as by seuns met beduidende verskille op 14, 15 en 17 jaar. Die gegewens dui daarop dat by meisies 'n sterker begeerte is om voor ander persone goed te doen en dat hulle daarom vir hulleself kwaad word as hulle onbeholpe optree.

(v) <u>Die adolessent word vir homself kwaad as hy voor andere foute maak wanneer hy iets juis reg wil doen.</u>

Tabel LVIII(e)

Reëelheid van verskille by vraag 7 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
As ek voor andere foute maak wanneer ek iets juis reg wil doen.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 36 38 | 33 | | 35 | 38 | | 42 | 32 | | 45 | 28 | | 44 | 33 | | 48 | 32 | | 48 | 43 | 33 | 42 | 39 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Sterk persentasie ppe. word vir hulleself kwaad as hulle voor ander persone foute maak wanneer hulle iets juis reg wil doen, nl. 33% seuns en 42% meisies. Deurgaans is meer ppe. uit die meisies as uit die seuns getrek met beduidende verskille op 15, 16 en 17 jaar. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat by meisies 'n sterker

begeerte/...

begeerte bestaan om voor ander persone goed te doen en daarom is hulle meer ontevrede met hulleself wanneer hulle voor andere foute maak.

(vi) Samevatting: Watter sosiale situasies die adolessent in die reël kwaad maak.

Die belangrikste sosiale prikkel wat die woede van die adolessent wek, nl. wanneer hy voor sy maats verneder word, is by seuns belangriker as by meisies. Dit dui op die begeerte om goed te doen voor die eie ouderdomsgroep en hulle goedkeuring vir hulle doen en late weg te dra. Die belangrike plek wat die teenoorgestelde geslag in die lewe van die adolessent inneem, word weerspieël in die feit dat die suggestie wat betrekking het op vernedering voor die teenoorgestelde geslag ook 'n baie groot persentasie uit die ppe. getrek het. Ook hier is meer seuns as meisies deur die suggestie getrek. Belangrik is die feit dat op die ouderdom waarop hulle belangstelling in die teenoorgestelde geslag baie sterk is, nl. 15 en 16 jaar by meisies en 16 en 17 jaar by seuns, die meeste ppe. deur hierdie suggestie getrek is. Die belangrikheid van hierdie oorsaak vir die opwekking van hulle woede neem af namate hulle ouer word, meer erkenning as volwassenes verkry en nie meer in vernederende situasies voor die teenoorgestelde geslag geplaas word nie.

'n Belangrike oorsaak vir die opwekking van die woede van die adolessent is geleë in die jong mens self, nl. as hy iets op 'n onbeholpe manier sê of doen, en is veral by meisies belangriker as by seuns. Verder het die suggestie dat hulle voor ander persone foute maak as hulle iets juis reg wil doen, ook meer meisies as seuns getrek. Die gegewens dui dus daarop dat daar by die meisies 'n sterker begeerte bestaan om goed voor ander persone te presteer.

Hoewel/...

Hoewel die aanspraak op erkenning as volwassene minder ppe. getrek het, neem dit tog 'n redelik belangrike plek in die lewe van die adolessente in en sal hulle woede gewek word as grootmense maak of hulle nog kinders is. Meer seuns is deur hierdie suggestie getrek, waarskynlik omdat meisies moontlik gouer erkenning as volwassenes ontvang en minder in situasies beland waar grootmense maak of hulle nog kinders is.

(b) Uiting van die emosies van die adolessent soos weerspieël in wat hy doen as hy kwaad is.

Wat die adolessente doen as hulle kwaad is, word aangetoon in tabel LIX en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LIX(a) tot LIX(g).

Tabel LIX

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 8 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 8. Wat doen u as u kwaad is?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| | a | 5 | 6 | 7 | 4 | 7 | 3 | 5 | 2 | 5 | 1 | 8 | 1 | - | - | 14 | 6 | 3 | 4 |
| | b | 10 | 1 | 5 | 4 | 5 | 4 | 5 | 5 | 6 | 4 | 9 | 3 | 12 | - | - | 6 | 4 | 5 |
| Sug- | c | 42 | 34 | 46 | 41 | 46 | 38 | 50 | 40 | 51 | 38 | 60 | 53 | 51 | 38 | 64 | 49 | 40 | 45 |
| ges- | d | 36 | 16 | 30 | 16 | 35 | 16 | 33 | 17 | 32 | 13 | 27 | 10 | 28 | 5 | 21 | 32 | 16 | 25 |
| ties | e | 16 | 31 | 17 | 21 | 14 | 23 | 14 | 19 | 15 | 23 | 10 | 18 | 12 | 24 | 7 | 14 | 21 | 18 |
| | f | 11 | 6 | 5 | 5 | 7 | 6 | 8 | 6 | 8 | 6 | 11 | 5 | 9 | 10 | - | 7 | 6 | 7 |
| | g | 11 | 21 | 18 | 40 | 16 | 48 | 13 | 46 | 10 | 41 | 8 | 50 | 3 | 33 | 7 | 14 | 45 | 30 |

(i) Adolessente slaan en skop almal wat in hulle pad kom.

Tabel LIX(a)

Reëelheid van verskille by vraag 8 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek slaan en skop almal wat in my pad kom.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 5 6 | 7 | | 4 | 7 | | 3 | 5 | | 2 | 5 | | 1 | 8 | | 1 | - | | - | 14 | 6 | 3 | 4 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Die/...

Die primitiewe wyse waarop emosies tot uiting kom, nl. deur alles te skop en te slaan wat in hulle pad kom, kom maar in 'n geringe mate voor, nl. 6% by seuns en 3% by meisies. Beduidend meer seuns as meisies is deur die suggestie getrek op 14, 16 en 17 jaar sodat die gegewens daarop dui dat hierdie wyse van uiting by meisies nog minder as by seuns voorkom. Die gegewens dui daarop dat die adolessent wat die uiting van sy emosies betref nie meer op die heel primitiewe trap van ontwikkeling staan nie.

(ii) Adolessente skel die persone uit wat hulle woede wek.

Tabel LIX(b)

Reëelheid van verskille by vraag 8 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie: Ek skel die persone uit.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 10 1 | 5 | | 4 | 5 | | 4 | 5 | | 5 | 6 | | 4 | 9 | | 3 | 12 | | – | – | 6 | 4 | 5 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | + | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Dieselfde geringe persentasie ppe. nl. 6% seuns en 4% meisies sal andere uitskel by die opwekking van die emosies van woede. Beduidend meer seuns as meisies op 17 jaar het hierdie suggestie aangemerk. Die primitiewe uiting van die emosies kom dus in 'n minder mate voor, soos hierbo reeds aangetoon is.

(iii) Adolessente bly net stil maar brom in hulle binneste.

Sien bl. 333 vir tabel LIX(c).

Hierdie suggestie het 49% seuns en 40% meisies uit die ppe. getrek met beduidend meer seuns as meisies op ouderdomme 14, 15 en 16 jaar. Tussen 16 en 17 jaar kom beduidende stygings by seuns sowel as by meisies voor.

Hierdie/...

Tabel LIX(c)

Reëelheid van verskille by vraag 8 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek bly net stil maar brom in my binneste.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 42 34 | 46 | | 41 | 46 | | 38 | 50 | | 40 | 51 | | 38 | 60 | | 53 | 51 | | 38 | 64 | 49 | 40 | 45 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie gegewens dui daarop dat die adolessente 'n groot mate van selfbeheersing kan toepas deur nie onmiddellik te reageer nie.

(iv) Adolessente wag op 'n kans vir terugbetaling.

Tabel LIX(d)

Reëelheid van verskille by vraag 8 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek wag op 'n kans vir terugbetaling.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 36 16 | 30 | | 16 | 35 | | 16 | 33 | | 17 | 32 | | 13 | 27 | | 10 | 28 | | 5 | 21 | 32 | 16 | 25 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | + | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

'n Redelike persentasie ppe., nl. 32% seuns en 16% meisies, is tevrede om op die oomblik wat hulle woede gewek word niks te doen nie maar te wag op 'n kans vir terugbetaling. Beduidend meer seuns as meisies is getrek uit die ouderdomsgroepe 12 tot 18 jaar. Die gegewens dui daarop dat die adolessente soveel beheer oor hulle emosies verkry het dat hulle die reaksies daarop kan uitstel en kan wag op 'n geleentheid vir die reaksie, seuns in 'n groter mate as wat die geval met meisies is.

(v)/...

(v) <u>As hulle woede gewek word, kan adolessente nie 'n woord uitkry nie.</u>

Tabel LIX(e)

Reëelheid van verskille by vraag 8 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek kan nie 'n woord uitkry nie.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 16 31 | 17 | | 21 | 14 | | 23 | 14 | | 19 | 15 | | 23 | 10 | | 18 | 12 | | 24 | 7 | 14 | 21 | 18 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | + | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Taamlike persentasie, nl. 14% seuns en 21% meisies, word so oorweldig deur die emosie van woede dat hulle geen woord kan uitkry nie. Hier is die meeste ppe. uit die meisies getrek met beduidende verskille op 14 tot 17 jaar.

(vi) <u>Adolessente sê die een wat sy woede wek so sleg as hy maar kan.</u>

Tabel LIX(f)

Reëelheid van verskille by vraag 8 suggestie (f) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek sê hom so sleg as ek kan.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 11 6 | 5 | | 5 | 7 | | 6 | 8 | | 6 | 8 | | 6 | 11 | | 5 | 9 | | 10 | − | 7 | 6 | 7 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Klein/...

'n Klein persentasie ppe., nl. 7% seuns en 6% meisies, is deur hierdie suggestie getrek met beduidend meer seuns as meisies op 17 jaar. Gebruikmaking van taal by uiting van woede kom dus in 'n mate voor. Die gegewens dui ook op 'n groot mate van selfbeheer waar die adolessent nie onmiddellik deur taal reageer nie.

(vii) <u>Adolessente huil as die emosie van woede gewek word</u>.

<u>Tabel LIX(g)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 8 suggestie (g) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Ek huil.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 11 | 21 | 18 | | 40 | 16 | | 48 | 13 | | 46 | 10 | | 41 | 8 | | 50 | 3 | | 33 | 7 | 14 | 45 | 30 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | | | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | | | | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | | | | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | | | | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | | | | |

Die grootste persentasie meisies uit ons ppe., nl. 45% teenoor 14% seuns, neem hulle toevlug tot trane as die emosies van woede by hulle gewek word. Beduidende verskille kom dan ook tussen seuns en meisies voor by alle ouderdomme terwyl 'n beduidende styging by meisies tussen 12 en 13 asook 13 en 14 jaar voorkom. Hierdie gegewens wys daarop dat dit die kenmerkende vroulike reaksie op woede is om te huil.

(viii) <u>Samevatting: Uiting van die emosies van die adolessent soos weerspieël in wat hy doen as hy kwaad is</u>.

Die wyse waarop die emosie van woede by die adolessent tot uiting kom, toon dat sy ontwikkeling verder gevorder het as dié van die kind. Die primitiewe reaksie deur te slaan, skop, uit te skel of sleg te sê, het maar 'n geringe persentasie uit die ppe. getrek. Beheersde

gedrag/...

gedrag soos om stil te bly en in hulle binneste te brom of om op die oomblik niks te doen nie maar te wag op 'n kans vir terugbetaling dui op die ontwikkeling in die emosies van die adolessent, nl. dat die reaksie nie onmiddellik en in al sy felheid tot uiting kom nie maar uitgestel kan word. Die belangrike plek wat die emosies tog in die lewe van die adolessent speel, word weerspieël in die feit dat 'n redelike persentasie so oorweldig word dat hulle geen woord kan uitkry nie en die hoogste persentasie meisies hulle toevlug tot trane neem. In albei die laaste gevalle is meer meisies uit die ppe. getrek, sodat die gegewens daarop dui dat die kenmerkende vroulike reaksie op woede daaruit bestaan om magteloos te wees of hulle toevlug tot trane te neem.

Belangrik is dit dat die uiting van die adolessent se emosies nie in al hulle felheid en op die primitiefste wyse plaasvind nie. Indien dit die geval sou wees, sou dit skade doen aan sy sosiale verhoudings met die mense met wie hy in aanraking kom. Die opvoeding van die adolessent t.o.v. sy emosies bestaan dus daarin dat hy leer om nie op 'n onbeheersde wyse uiting aan sy emosies te gee nie maar wel so te handel dat dit hom sosiale goedkeuring sal besorg.

(c) Bedaar die adolessent se bui gou weer nadat hy kwaad geword het?

Of die adolessent se bui gou weer bedaar nadat hy kwaad geword het, word aangedui in tabel LXIV. Die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties word aangedui in tabelle LXIV(a) tot LXIV(c).

Tabel LX

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 9 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 9. Bedaar u bui gou weer?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 57 | 57 | 64 | 57 | 63 | 53 | 62 | 59 | 67 | 54 | 63 | 62 | 74 | 62 | 71 | 64 | 56 | 61 |
| ges- | b | 36 | 38 | 28 | 32 | 27 | 30 | 27 | 29 | 26 | 28 | 31 | 31 | 16 | 33 | 21 | 27 | 30 | 29 |
| ties | c | 8 | 4 | 9 | 11 | 9 | 12 | 9 | 11 | 6 | 11 | 5 | 8 | 77 | 5 | 7 | 8 | 11 | 10 |

(i) Adolessente se woedebui bedaar weer maklik.

Tabel LX(a)

Reëelheid van verskille by vraag 9 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Maklik.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 57 57 | 64 | | 57 | 63 | | 53 | 62 | | 59 | 67 | | 54 | 63 | | 62 | 74 | | 62 | 71 | 64 | 56 | 61 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Dit is opmerklik dat die meeste van die ppe. se bui weer gou bedaar, nl. van 64% seuns en 56% meisies. Meer seuns sê dat hulle bui weer gou bedaar en beduidende verskille met die meisies kom voor op ouderdomme 13, 14 en 16 jaar. Die gegewens dui daarop dat by albei geslagte maar by seuns in 'n groter mate as meisies die bui gou uitgewoed is.

(ii) Adolessente se woede bedaar nie so maklik nie.

Tabel LX(b)

Reëelheid van verskille by vraag 9 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nie so maklik nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 36 38 | 28 | | 32 | 27 | | 30 | 27 | | 29 | 26 | | 28 | 31 | | 31 | 16 | | 33 | 21 | 27 | 30 | 29 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

By 'n redelike persentasie, nl. 27% seuns en 30% meisies, bedaar die woede nie so maklik nie. 'n Beduidende styging by meisies kom voor tussen 17 en 18 jaar.

(iii)/...

(iii) <u>Adolessente neem lank om weer goed te word as hulle eenmaal kwaad is.</u>

<u>Tabel LX(c)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 9 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Neem lank om weer goed te word.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 8 4 | 9 | | 11 | 9 | | 12 | 9 | | 11 | 6 | | 11 | 5 | | 8 | 7 | | 5 | 7 | 8 | 11 | 10 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

'n Klein persentasie ppe., nl. 8% seuns en 11% meisies, neem lank om weer goed te word. Meer ppe. is uit die meisies getrek hoewel beduidende verskille slegs op 16 jaar voorkom.

(iv) <u>Samevatting: Bedaar die adolessent se bui gou weer nadat hy kwaad geword het.</u>

By meer as die helfte van die ppe. van albei geslagte maar by seuns in 'n groter mate as meisies is die woedebui gou uitgewoed en bedaar weer baie maklik. Bykans drie uit elke tien van die ppe. se woede bedaar nie so maklik nie terwyl ongeveer een uit elke tien lank neem om weer goed te word. In die laaste twee gevalle is effens meer meisies as seuns uit die ppe. getrek.

Die gegewens dui daarop dat die emosie van woede by die meeste adolessente gou verdwyn maar dat sommige tog lank in 'n woedebui verkeer - die meisie is effens meer skuldig hieraan as die seun. Nie alleen dui hierdie verskynsel op indiwiduele verskille in die emosionele lewe van die adolessent nie maar dit dui ook op die onvolwassenheid van die jeug waar emosionele beheersing in sommige gevalle ontbreek.

5./...

5. <u>Verlange by die adolessent na 'n raadgewer.</u>

Onder watter omstandighede die adolessent verlang na iemand wat kan raad gee in moeilikhede word in tabel LXI(i) en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LXI(i)(a) tot LXI(i)(d) aangetoon.

Tabel LXI

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 33 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 33. Onder watter omstandighede verlang u na iemand wat kan raad gee in moeilikhede?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 58 | 59 | 60 | 44 | 59 | 48 | 64 | 53 | 67 | 46 | 67 | 65 | 75 | 76 | 57 | 63 | 49 | 56 |
| ges- | b | 19 | 9 | 16 | 17 | 15 | 24 | 19 | 30 | 20 | 31 | 36 | 33 | 38 | 29 | 29 | 19 | 25 | 22 |
| ties | c | 19 | 16 | 10 | 20 | 8 | 28 | 13 | 30 | 13 | 33 | 16 | 30 | 19 | 29 | 29 | 12 | 28 | 20 |
| | d | 26 | 13 | 23 | 25 | 19 | 27 | 19 | 25 | 18 | 28 | 16 | 24 | 21 | 10 | 7 | 20 | 26 | 23 |

(i) <u>Adolessente verlang na iemand wat raad kan gee wanneer hulle 'n toekomstige loopbaan moet kies.</u>

Tabel LXI(a)

Reëelheid van verskille by vraag 33 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Wanneer ek my toekomstige loopbaan moet kies.

| Leeftyd | | 12 | | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 58 | | 59 | 60 | | 44 | 59 | | 48 | 64 | | 53 | 67 | | 46 | 67 | | 65 | 75 | | 76 | 57 | 63 | 49 | 56 |
| Vglyking | | | sm | | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Die grootste persentasie ppe., nl. 63% seuns en 49% meisies, verlang dat iemand hulle raad sal gee wanneer hulle toekomstige loopbane gekies word. Meer seuns as meisies is deur hierdie suggestie getrek met beduidende verskille op 13 tot 16 jaar. By meisies is 'n beduidende daling merkbaar tussen 12 en 13 jaar asook tussen 15 en 16 jaar. Meisies toon egter 'n beduidende styging tussen 14 en 15/...

en 15 jaar. By seuns kom 'n beduidende styging voor tussen 14 en 15 jaar.

Die groter persentasie ppe. uit die seuns getrek, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die verantwoordelikheid van seuns groter is omdat hulle keuse vir 'n leeftyd moet standhou teenoor meisies wat waarskynlik tydelik kies en die huwelik hulle bestemming sal wees. Dit skyn egter of albei geslagte hulle tekortkominge besef wat ervaring en kennis op die gebied betref en dan na leiding verlang. By hoër ouderdomme word die keuse meer 'n saak van aktuele belang en daarom die hoër persentasie uit ouer leerlinge.

Die hoë persentasie ppe. wat hierdie suggestie nie aangemerk het nie, nl. 44%, hou waarskynlik verband met die selfstandigheidsgevoel en die begeerte om self keuses te doen wat aan die adolessensie eie is. Hoewel dit nie eksperimenteel vasgestel is nie kan die beroepsvoorligting wat aan Transvaalse middelbare skole gegee word in so 'n mate voorsien in die behoefte aan leiding dat daar nie 'n verdere behoefte aan 'n besondere raadgewer is in die geval van 44% van die ppe. nie.

(ii) <u>Adolessente verlang na iemand wat raad kan gee wanneer hulle verlief is op iemand van die teenoorgestelde geslag.</u>

<u>Tabel LXI(b)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 33 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Wanneer ek verlief is op iemand van die teenoorgestelde geslag.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 19 9 | 16 | | 17 | 15 | | 24 | 19 | | 30 | 20 | | 31 | 36 | | 33 | 38 | | 29 | 29 | 19 | 25 | 22 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie/...

Hierdie suggestie het 19% seuns en 25% meisies uit die ppe. getrek met meer meisies as seuns, met beduidende verskille slegs op 14, 15 en 16 jaar. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die meisie nie uitgaan om 'n keuse te doen nie maar moet sit en wag of meer dikwels in dergelike situasies beland en verlang na iemand wat kan raad gee.

(iii) Adolessente verlang na iemand wat raad kan gee wanneer iemand van die teenoorgestelde geslag in hulle belangstel maar hulle nie van die persoon hou nie.

Tabel LXI(c)

Reëelheid van verskille by vraag 33 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Wanneer iemand van die teenoorgestelde geslag in my belangstel maar ek nie van die persoon hou nie.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 19 16 | 10 | | 20 | 8 | | 28 | 13 | | 30 | 13 | | 33 | 16 | | 30 | 19 | | 29 | 29 | 12 | 28 | 20 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het 12% seuns en 28% meisies uit die ppe. getrek met beduidend meer meisies as seuns op ouderdomme 13 tot 17 jaar. 'n Beduidende styging kom voor by meisies tussen 13 en 14 jaar en by seuns tussen 14 en 15 jaar. Hierdie stygings kan waarskynlik toegeskryf word aan die verhoging in hulle belangstelling in die teenoorgestelde geslag wat op hierdie ouderdomme vinnig toeneem en hulle beland van nou af daadwerklik in dergelike situasies. Die feit dat meer meisies as seuns deur hierdie suggestie getrek is, kan moontlik daaraan gewyt word dat seuns gewoonlik by meisies gaan besoek aflê en die meisie op 'n mooi

manier/...

manier van hom ontslae moet raak indien sy nie van sy belangstelling hou nie. Die seun kan maar net wegbly as hy nie van 'n besondere meisie hou nie. Hy kom dus minder as die meisie in hierdie situasie te lande.

(iv) <u>Adolessente verlang na iemand wat raad kan gee wanneer hulle ouers nie van hulle vriende(-inne) hou nie.</u>

<u>Tabel LXI(d)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 33 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Wanneer my ouers nie van my vriend(-in) hou nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 26 13 | 23 | | 25 | 19 | | 27 | 19 | | 25 | 18 | | 28 | 16 | | 24 | 21 | | 10 | 7 | 20 | 26 | 23 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | − | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het 20% seuns en 26% meisies uit ons ppe. getrek, met meer meisies as seuns, soos aangedui deur beduidende verskille op 14 tot 16 jaar. Daar bestaan 'n beduidende styging by meisies tussen 12 en 13 jaar maar 'n beduidende daling by seuns tussen 13 en 14 jaar.

Meer meisies as seuns is deur die suggestie getrek, waarskynlik omdat meisies hulle vriende in die huis ontvang en die ouers hulle misnoeë oor die besondere persoon gou reeds uitspreek terwyl die seun elders gaan besoek aflê en die ouers nie altyd met sekerheid kan vasstel by wie nie. Dit is in elk geval vir seuns sowel as meisies in 'n sekere mate van belang om 'n raadgewer te hê as die ouers nie van hulle vriendin of vriend hou nie.

(v) <u>Samevatting: Onder watter omstandighede die adolessent verlang na iemand wat raad kan gee.</u>

Daar/...

Daar is twee sake van groot belang vir meisies sowel as seuns, waarby hulle behoefte voel aan 'n raadgewer. Die eerste saak is die keuse van 'n toekomstige beroep wat vir die seuns van groter belang is as vir die meisies. Tweedens is daar die verhouding tot die teenoorgestelde geslag wat weer vir meisies belangriker is as vir seuns. Die keuse van 'n toekomstige beroep is by seuns moontlik belangriker omdat hulle keuse van 'n meer permanente aard as by meisies is terwyl meisies in die beskermde omstandighede van die huisgesin met ouers oor hulle vriendekeuse van die teenoorgestelde geslag kan verskil.

6. <u>Die waarde wat die adolessent heg aan die opinies van persone met wie hy in aanraking kom.</u>

Van watter waarde die adolessent die opinies ag van verskillende persone met wie hy in sosiale verband staan, word ondersoek in die vraag deur wie hy graag sy gedrag goedgekeur wil hê, anders voel hy sleg daaroor en wek dit by hom die emosie van ongelukkigheid.

Deur wie die adolessente se gedrag afgekeur moet word om hulle die ongelukkigste te laat voel, word in tabel LXII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle LXII(a) tot LXII(e) aangetoon.

Tabel LXII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 37 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 37. Wanneer voel u die ongelukkigste: as u gedrag afgekeur word deur:

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug-ges-ties | a | 19 | 13 | 20 | 21 | 20 | 22 | 17 | 20 | 22 | 20 | 19 | 19 | 24 | 14 | 29 | 20 | 20 | 20 |
| | b | 16 | 13 | 24 | 19 | 25 | 22 | 27 | 24 | 26 | 24 | 35 | 26 | 41 | 29 | 57 | 27 | 22 | 25 |
| | c | 29 | 25 | 26 | 31 | 31 | 39 | 35 | 40 | 39 | 47 | 45 | 66 | 47 | 95 | 36 | 34 | 41 | 38 |
| | d | 31 | 37 | 30 | 33 | 29 | 35 | 32 | 41 | 35 | 39 | 39 | 42 | 56 | 52 | 57 | 32 | 38 | 35 |
| | e | 29 | 32 | 29 | 22 | 27 | 24 | 26 | 28 | 26 | 25 | 24 | 22 | 31 | 24 | 14 | 27 | 24 | 26 |

(a)/...

(a) Adolessente voel die ongelukkigste as hulle gedrag afgekeur word deur vriende(-inne) van hulle eie geslag.

Tabel LXII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 37 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Vriende(-inne) van die eie geslag.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 19 | 13 | 20 | | 21 | 20 | | 22 | 17 | | 20 | 22 | | 20 | 19 | | 19 | 24 | | 14 | 29 | 20 | 20 | 20 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | + | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het 20% ppe. uit die seuns sowel as die meisies getrek. Slegs tussen 15 en 16 jaar is daar 'n beduidende styging by seuns merkbaar terwyl op 12 jaar meer seuns as meisies deur die suggestie getrek is.

(b) Adolessente voel die ongelukkigste as hulle gedrag afgekeur word deur vriende(-inne) van die teenoorgestelde geslag.

Tabel LXII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 37 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Vriende(-inne) van die teenoorgestelde geslag.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 16 | 13 | 24 | | 19 | 25 | | 22 | 27 | | 24 | 26 | | 24 | 35 | | 26 | 41 | | 29 | 57 | 27 | 22 | 25 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie/...

Hierdie suggestie het 27% seuns en 22% meisies uit ons ppe. getrek met 'n beduidende styging by seuns tussen 16 en 17 jaar maar origens kom geen verskille voor nie.

(c) Adolessente voel die ongelukkigste as hulle gedrag afgekeur word deur hulle ouers.

Tabel LXII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 37 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ouers.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 29 25 | 26 | | 31 | 31 | | 39 | 35 | | 40 | 39 | | 47 | 45 | | 66 | 47 | | 95 | 36 | 34 | 41 | 38 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Hierdie suggestie het 34% seuns en 41% meisies uit ons ppe. getrek. Meer meisies as seuns is deur die suggestie getrek met beduidende verskille op alle ouderdomme bo 14 jaar. By meisies is ook 'n beduidende styging tussen 13 en 14, 15 en 16, 16 en 17 asook tussen 17 en 18 jaar. Die gegewens dui daarop dat meisies meer waarde heg aan die goedkeuring van hulle ouers t.o.v. hulle gedrag terwyl by meisies die betekenis van die goedkeuring van die ouers toeneem namate hulle ouer word. Hoewel nie beduidend nie is dieselfde gang by die seuns ook merkbaar.

(d) Adolessente voel die ongelukkigste as hulle gedrag afgekeur word deur hulle onderwysers.

Sien bl. 346 vir tabel LXII(d).

Hierdie suggestie het 32% seuns en 38% meisies uit die ppe. getrek. Meer meisies as seuns voel ongelukkig as hulle onderwysers hulle gedrag afkeur en beduidende

verskille/...

Tabel LXII(d)

Reëelheid van verskille by vraag 37 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Onderwysers(-esse).

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 31 37 | 30 | | 33 | 29 | | 35 | 32 | | 41 | 35 | | 39 | 39 | | 42 | 56 | | 52 | 57 | 32 | 38 | 35 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | – | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

verskille kom voor op 14 en 15 jaar. Tussen 14 en 15 jaar is 'n beduidende styging by die meisies merkbaar en tussen 17 en 18 jaar ook by seuns. Hierdie sterk persentasie ppe. wat ongelukkig voel as hulle onderwysers hulle gedrag afkeur kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die leerlinge en die onderwysers in noue verband met mekaar staan in die skool.

(e) Adolessente voel die ongelukkigste as hulle gedrag afgekeur word deur ander volwassenes.

Tabel LXII(e)

Reëelheid van verskille by vraag 37 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ander volwassenes.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 29 32 | 29 | | 22 | 27 | | 24 | 26 | | 28 | 26 | | 25 | 24 | | 22 | 31 | | 24 | 14 | 27 | 24 | 26 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het 27% seuns en 24% meisies uit ons ppe. getrek met slegs op 13 jaar beduidend meer seuns as meisies. Origens is daar geen beduidende verskille nie. Die goedkeuring van vreemde volwassenes speel dus 'n geringer rol.

(f) Samevatting: Deur wie die adolessente se gedrag afgekeur moet word om hulle die ongelukkigste te laat voel.

Die gegewens dui daarop dat die twee belangrikste groepe persone wat 'n bepalende invloed op die gedrag van die adolessente oefen, hulle ouers en hulle onderwysers is. Hulle voel ongelukkig as hulle gedrag afgekeur word deur hulle ouers en bykans in dieselfde mate as dit afgekeur word deur hulle onderwysers. Meer meisies as seuns is deur hierdie twee suggesties getrek en by albei geslagte word die goedkeuring van hulle ouers en onderwysers belangriker namate hulle ouer word. Hierdie gang van sake toon 'n baie goeie verhouding tussen adolessente aan die een kant en hulle ouers en onderwysers aan die ander kant, 'n verhouding wat gebaseer is op die noue aanraking wat daar tuis en op skool met mekaar bestaan. Hoewel van minder belang is die goedkeuring van ander volwassenes asook vriende en vriendinne van die eie en teenoorgestelde geslag noodsaaklik, wat weereens dui op die belangrike rol wat mense in die lewe van die adolessent speel. Hy is afhanklik van hulle goedkeuring in alles wat hy doen en hy sal verder alles in sy vermoë doen om hom nie hulle afkeuring op die hals te haal nie.

7. Samevatting: Die sosiale aspek in die emosionele lewe van die adolessent.

Een van die belangrikste prikkels wat die emosies van die adolessent opwek, is die gedrag van mense. Hieronder word ingesluit volwassenes met wie hy in aanraking kom, ander adolessente en kinders van dieselfde of van die teenoorgestelde geslag. Die adolessent kan ontevrede wees as mense teenoor hom en wat hy doen 'n verkeerde houding in sy eie oë inneem omdat hy meen dat hy reeds byna 'n volwassene is en as sodanig erkenning verlang. Indien mense teenoor hom krities staan, voel hy ongelukkig en

bejammer/...

bejammer homself omdat ander mense hom nie verstaan nie en hy die veronregte persoon is. Hierdie idee dat andere hom nie verstaan nie word nou opgevolg deur die gedagte dat niemand hom liefhet nie en glad nie na sy belange omsien nie.

Wanneer die adolessent meen dat ander mense hom nie verstaan en nie liefhet nie, sien hy maklik in alles wat hulle doen pogings om hom doelbewus kwaad aan te doen. Die gevoel van selfbejammering kan dan so sterk word dat hy wens dat hy nooit gebore was nie, veral omdat hy maar 'n mislukking is en niks goeds vir ander mense kan doen nie.

In watter mate mense sy emosies wek, kom ook tevoorskyn in die vrees wat hy openbaar as hy voor mense moet optree en met hulle praat, veral omdat hy bang is dat hy nie goed voor hulle vertoon nie en verneder mag word.

Die emosie van woede word by die adolessent gewek veral deur sosiale faktore en die wyse waarop hy sal reageer sal afhang van sy opvoeding en sosiale ontwikkeling, d.w.s. die druk van die openbare mening of mense sy handelinge sal goedkeur of afkeur. Ook die feit dat sy woedebui kan aanhou of oënskynlik gou weer bedaar, word beïnvloed deur mense en wat hulle houding teenoor hom is.

In sy optrede voor mense kan die gedrag van die adolessent goedgekeur word of dit kan afgekeur word. Die persone wat sy gedrag afkeur, bepaal in 'n groot mate of hy daaroor baie sleg sal voel dan wel of hy heeltemal onverskillig daarteenoor staan. Faktore soos simpatieke persone, intieme kennis en goeie verhouding tussen die adolessent en die persone, of hy na hulle opsien en of hy graag 'n goeie indruk op hulle wil maak, ens., speel almal 'n rol.

Die resultate wat in die ondersoek bereik is, kan soos volg saamgevat word onder die verskillende hoofde waaronder die ondersoek uitgevoer is.

(a)/...

(a) Ontevredenheid met sosiale verhoudings.

Ontevredenheid oor sosiale toestande of opvattinge kom by die adolessent wel voor, gaan oor al die sake wat in die suggesties vervat is en wissel tussen 9% en 33% by die ppe. Hierdie persentasie moet egter nie gesien word in die lig dat dit die maksimum aantal ppe. is wat een of ander vorm van ontevredenheid voel nie want dit is slegs 'n aanduiding van die ontevredenheid van elke afsonderlike suggestie. Terwyl een pp. miskien suggestie (a) aanmerk, kan 'n ander een suggestie (b) aanmerk en 'n derde miskien (a) en (b) aanmerk. Dieselfde kan ook gesê word t.o.v. die oorsake van die ontevredenheid. Hoe groot die persentasie ppe. is wat geen ontevredenheid ervaar nie kon nie uit die gegewens vasgestel word nie alhoewel by die nagaan van indiwiduele vraelyste daar gevind is dat sommige leerlinge geen suggesties aangemerk het nie, m.a.w. geen ontevredenheid gevoel nie.

By die seun bestaan 'n groter ontevredenheid oor behandeling soos 'n laerskoolkind wanneer hy nie in die geselskap van besoekers mag bly nie. Hier is dit 'n geval dat hy in sy waardigheid gekrenk word wanneer hy soos 'n laerskoolkind behandel word of die geselskap van volwassenes moet verlaat.

Meisies is effens meer ontevrede wanneer hulle skeef aangekyk word as hulle omgaan met lede van die teenoorgestelde geslag, wanneer hulle meen dat hulle te min geleentheid tot optrede in sosiale omgang gebied word en wanneer kritiek op hulle kleredrag uitgeoefen word as hulle soos volwassenes aantrek. By die meisie hou 'n besondere belangstelling in die teenoorgestelde geslag verband daarmee dat sy so gevoelig daaroor is as grootmense haar skeef aankyk en daarmee te kenne wil gee dat sy nie soos 'n volwassene, m.a.w. iemand wat met die teenoorgestelde geslag mag omgaan, kan aantrek nie.

Die/...

Die belangrikste enkele oorsaak van die ontevredenheid by seuns sowel as meisies, nl. 22% by seuns en 20% by meisies, is die miskenning van hulle aanspraak op 'n billike kans om hulle uit te lewe. Waarskynlik hou dit verband met hulle strewe na selfstandigheid om keuses te maak of besluite te neem, hulle opstand teen gesag en dissipline wat hulle verhoed om die dinge wat hulle graag wil doen te doen soos hulle graag wil. Die volgende belangrike oorsaak, nl. 18% by seuns en 14% by meisies, is die feit dat hulle in eie oë reken dat hulle reeds meer as 'n kind is en daarom nie soos 'n kind behandel wil word nie.

Nie een van die suggesties het by seuns sowel as meisies minder as 11% van die ppe. getrek nie, sodat ons kan aanneem dat meer as een faktor meewerk om die ontevredenheid, waar dit wel bestaan, te veroorsaak en verder kan ons sê dat hierdie faktore gewoonlik sosiaal van aard is.

Die feit dat nie 'n baie groot persentasie van die ppe. ontevrede voel oor elke afsonderlike oorsaak nie dui daarop dat merendeels gelukkige sosiale verhoudings bestaan tussen die adolessente en daardie persone met wie hulle omgaan of met wie hulle in sosiale verband staan.

(b) Selfbejammering en die gevoel van ongelukkigheid by die adolessent.

Die gegewens dui daarop dat die meeste adolessente meen dat die volwassenes met wie hulle in aanraking kom hulle goed verstaan. Die feit dat sommige adolessente voel asof ander mense hulle nie verstaan nie kan moontlik toegeskryf word aan die hunkering wat daar by adolessente bestaan dat ander mense hulle wel sal begryp met die gevolg dat hulle miskien te sensitief oor die saak is en dit soms vir hulle voel asof mense hulle nie verstaan nie. Hierdie verskynsel kom by meisies meer voor as by seuns. Die feit dat hulle

soms/...

soms voel asof ander mense hulle nie verstaan nie kan moontlik toegeskryf word aan die wisseling in hulle emosionele lewe waar die sekerheid dat mense hulle reg verstaan afgewissel word met onsekerheid. Verder kan dit ook daaraan toegeskryf word dat die adolessent homself soms nie verstaan nie en meen dat ander mense hom ook nie verstaan nie.

Vir adolessente voel dit asof ander mense hulle nie verstaan nie omdat hulle nie aan die begeertes van die adolessent aandag skenk nie. Veral meisies voel hieroor sterker as seuns. Dit voel ook vir die adolessent dat ander mense hulle nie verstaan nie as hulle versoeke met agterdog bejeën word of daaraan nie voldoen word nie of hulle altyd opponeer word.

Die grootste persentasie adolessente voel nooit asof daar niemand is wat hulle liefhet nie. Die liefde wat die adolessent ontvang, is vir hom voldoende hoewel meer meisies meen dat hulle nie voldoende liefde ontvang nie, oorgaan tot selfbejammering en sê dat niemand hulle liefhet nie. Waarskynlik het die meisie 'n groter behoefte aan liefde of versekering van die liefde van daardie persone wat sy liefhet.

Adolessente voel 'n gebrek aan liefde wanneer hulle twyfel aan die belangstelling van ander mense, hulle verkleineer word voor ander persone en nie toegelaat word om self oor sake na te dink en besluite te neem nie. Wanneer die adolessente meisie nie toegelaat word om die lewe te voer wat sy graag wil nie, d.w.s. om nie self besluite te neem of vriende(-inne) te kies nie, voel sy of niemand haar liefhet nie. Dit hou waarskynlik verband met haar beskermde posisie in die huis, die begeerte tot emansipasie uit die gesag van volwassenes en die ouerhuis uit.

Hoewel/...

Hoewel adolessente self besluite wil neem en keuses wil doen, verlang hulle na iemand wat raad kan gee. Seuns verlang veral na raad by die keuse van 'n toekomstige beroep wat vir hulle van aktuele belang is. Meisies verlang na raad i.v.m. hulle persoonlike verhouding tot die teenoorgestelde geslag, waarskynlik omdat hulle in die beskermde situasie waarin hulle in die huisgesin verkeer met hulle ouers oor hulle vriendekeuse kan verskil en dan raad van buite wil soek oor die saak. 'n Getroue intieme vriendin van die eie geslag kan die rol van hierdie raadgewer vervul en hierdie raadgewer word gewoonlik uit die eie ouderdomsgroep gekies. Die meeste adolessente, hoewel meer meisies as seuns, besit so 'n intieme vriend(-in) van die eie geslag. Die kleiner persentasie uit die seuns dui waarskynlik op 'n groter selfstandigheidsgevoel by adolessente seuns.

Adolessente voel ongelukkig as hulle gedrag deur mense afgekeur word maar dit is vir hulle van meer belang dat sekere persone hulle gedrag moet goedkeur, nl. veral hulle ouers en onderwysers. Die goedkeuring van hulle gedrag deur hulle ouers en onderwysers word vir die adolessente belangriker namate hulle ouer word terwyl dit vir meisies 'n saak van groter belang is as vir seuns. Hierdie gegewens dui op 'n goeie verhouding tussen die adolessente en hulle ouers asook hulle onderwysers, 'n verhouding wat gebaseer is op die nouere omgang met mekaar tuis en op skool. Die goedkeuring van volwassenes asook van vriende en vriendinne bly ook vir die adolessent noodsaaklik. Hierdeur word die rol wat mense in die lewe van die adolessent speel nogeens beklemtoon. Mense moet die handel en wandel van adolessente in alle opsigte goedkeur.

'n Goeie/...

'n Goeie persentasie adolessente kan mislukkings en teenslae dra sonder verwensing van hulle geboortedag. Meer meisies as seuns toon emosionele onstabiliteit in hulle emosionele lewe en verwens soms of dikwels die dag waarop hulle gebore is. Hierdie gevoel van ongelukkigheid word by meisies meer as by seuns veroorsaak wanneer ander persone nie waardeer wat hulle doen nie. Die mens as sosiale wese het behoefte daaraan dat ander mense sal raaksien wat hy doen, watter opofferings hy hom getroos en dan moet dit noodwendig waardeer word. Meer meisies as seuns is geneig tot selfbejammering waar die gevoel dat hulle maar 'n mislukking is, aanwesig is waar hulle net teenkanting en teenspoed in die lewe ondervind en die gevoel kry dat hulle van geen nut vir die samelewing is nie.

(c) <u>Senuweeagtigheid wanneer die adolessent voor mense moet optree en met hulle moet praat</u>.

Omdat adolessente nie die nodige selfvertroue besit wat nodig is om 'n gesprek met ander mense te voer nie voel hulle senuweeagtig as hulle voor vreemdes moet praat. As hy voor sy onderwysers(-esse) moet praat, bestaan daar ook senuweeagtigheid, waarskynlik omdat hy bang is dat hy 'n fout sal maak. Die senuweeagtigheid wanneer hy voor lede van die teenoorgestelde geslag moet praat of voor 'n bepaalde persoon van die teenoorgestelde geslag, hou verband met die ontwaking van 'n belangstelling in die teenooorgestelde geslag, wat eie is aan die adolessensie.

Die faktor van bekendheid, nl. bekende persone en in bekende situasies, gee aan die adolessent selfvertroue en verdryf sy senuweeagtigheid. Dit is daarom dat hy minder senuweeagtig is voor huisvriende, familie, klasmaats, ouers, ens. Die versekering van die liefde, belangstelling en aanmoediging van die kant van die ouers en 'n gesonde onderlinge verhouding tussen ouer en kind lei daartoe dat

die/...

die ppe. sê dat hulle die minste senuweeagtig is as hulle voor hulle ouers moet optree en praat.

'n Redelike persentasie ppe. meen dat hulle soveel selfvertroue besit dat hulle nooit so senuweeagtig is dat hulle stotter as hulle moet praat nie.

Die belangrikste rede wat adolessente aanvoer vir hulle senuweeagtigheid wanneer hulle moet praat, is die vrees dat hulle dalk 'n fout sal begaan. Voor hulle onderwysers wil hulle goed vertoon, voor lede van die teenoorgestelde geslag en selfs voor enigeen voor wie hulle in sosiale verband optree. Namate hulle ouer word, neem die vrees toe, wat waarskynlik toegeskryf word aan die strewe tot erkenning as volwassene wat veronderstel word om nie meer soveel foute te begaan nie.

'n Minder belangrike rede vir hulle senuweeagtigheid as hulle voor andere moet praat, is die skaamtegevoel voor grootmense. Dit is veral sterker by die jonger leerlinge en neem af namate hulle ouer word en meer ervaring in die omgang met mense opdoen, sodat hulle die skaamtegevoel met selfvertroue en 'n gevoel van selfversekerdheid vervang. Die vrees dat grootmense hulle dalk mag verkleineer, speel hier ook 'n belangrike rol. Veral wil hy geen verkleinering ondervind waar sy strewe tot erkenning as volwassene so sterk is nie.

(d) <u>Opwekking van die adolessent se emosies deur sosiale prikkels.</u>

Dit is duidelik dat die adolessent se emosies veral opgewek word deur sosiale prikkels of deur sosiale situasies. Die belangrikste prikkel wat die woede van die adolessent wek, is vernedering voor mense. Veral vernedering voor sy maats van dieselfde ouderdomsgroep speel 'n belangrike rol en is by seuns belangriker as by meisies. Dieselfde geld ook in gevalle van vernedering voor lede

van/...

van die teenoorgestelde geslag, veral tussen die ouderdomme 15 tot 17 jaar, waar die belangstelling in die teenoorgestelde geslag 'n belangrike plek inneem, by meisies 'n jaar vroeër as by seuns. Die hoër ouderdomsgroepe kom waarskynlik minder in vernederende situasies en daarom neem die belangrikheid van hierdie prikkel af by die hoër ouderdomsgroepe.

Die woede van die adolessent kan ook gewek word deur sy eie swakheid, nl. as hy op 'n onbeholpe manier iets sê of doen as hy juis goed wil vertoon en dan foute begaan, wat hy self as onnodig beskou. Veral is hierdie begeerte om voor ander persone goed te vertoon by die meisies sterker as by die seuns.

Die wyse waarop die emosie van woede by die adolessent tot uiting kom, toon aan dat sy ontwikkeling verder gevorder het as die van die kind. Die primitiewe reaksie van te slaan, te skop en te skel word vervang deur meer beheersde gedrag soos om stil te bly maar in sy binneste te brom of op 'n kans vir terugbetaling te wag. In hierdie gevalle word die reaksie uitgestel en tree die emosie nie onmiddellik in al sy felheid op soos by die klein kind die geval is nie. Die grootste persentasie meisies neem hulle toevlug tot trane of word so oorweldig dat hulle nie 'n woord kan uitkry nie, wat waarskynlik die kenmerkendste vroulike reaksie op woede is.

Die duur van die woede van die adolessent is ook van belang. Die grootste persentasie seuns sowel as meisies se woede bedaar gou weer nadat dit opgewek is, hoewel dit by meisies effens langer neem om te bedaar. Dit skyn of die emosies van die seun feller optree en hy in staat is tot hardhandige optrede, waarskynlik omdat hy die sterkere is en in die versoeking kom om so op te tree. Omdat hy

iets definitiefs i.v.m. die emosie doen sal die woede van die seun ook gouer bedaar as dié van die meisie. By slegs 'n klein persentasie seuns sowel as meisies vind ons dat die woede nie maklik bedaar nie.

(e) Die waarde wat die adolessent heg aan die menings van persone met wie hy in aanraking kom.

Die adolessent heg waarskynlik die meeste waarde aan die menings van die persone wat hom die ongelukkigste laat voel as sy sosiale gedrag afgekeur word. In hierdie verband wys die gegewens op die belangrike rol van sy ouers en sy onderwysers omdat hy ongelukkig voel as hulle sy gedrag afkeur. Meisies voel sterker as seuns oor afkeuring van hulle gedrag en by albei geslagte is daar 'n toename met leeftyd, waarskynlik omdat hulle verantwoordelikheid teenoor hierdie persone toeneem namate hulle ouer word. Die feit dat die goedkeuring van ander volwassenes en lede van hulle eie ouderdomsgroepe van dieselfde of die teenoorgestelde geslag ook verlang word in die handel en wandel van adolessente wys sterk op die belangrike rol wat mense in sy lewe speel. Dis die sosiale aspek.

- - - - - - - - - - -